





Jrg. 5. Kaapstad, Woensdag, 18 Sept. 1916. No. 43.

Blankes In Huise Van Indiërs Nou In Pad Gesteek

As gevolg van die Indiër-veldtog teen die blankes, sal verskeie blanke gesinne, waaronder Afrikaners, in die agterbuurtes van Kaapstad wat reeds sedert jare as gevolg van die woning-nood van Indiërs afhanklik was vir die dak bo hulle hoofde, binnekort op straat sit omdat die Indiërs hulle in kennis gestel het dat hulle die huise moet verlaat onder voorwendsel dat hulle dit self wil betrek.

In die woonbuurte van Sout-rivier en Woodstock woon daar verskeie blanke gesinne wat geurende die oorlog van die genade van die Indiërs afhanklik was. Alleen deur die nood-maatregel wat tydens die oorlog uitgevaardig is, kon die Indiërs hulle nie uit die huise kry nie. Om by die wet verby te kom gee hierdie Indiërbase voor dat hulle die huise self wil bewoon.

Die toestand waarin hierdie blankes vir 'n baie lank tyd woon, is volgens getuïenisse van sosiale werkers uiters treurig. Dit grens aan die kleur-ling-buurt, is vuil, bouwellig en oor-bewoon.

In een geval word die een helfte van die huis deur nie-blankes bewoon en die ander helfte deur blankes. Hulle gebruik dieselfde agterplaas en sanitêre geriewe.

KOOP HUISE

Die Indiërs in Kaapstad belê blykbaar 'n groot deel van hul kapitaal tans in vaste eiendom. Navraag by 'n groot aantal agentskappe het aan die lig gebring dat drie agentskappe van wie twee nog nooit te vore Indiërklandisie gehad het nie, in die afgelope vier maande sake met hierdie mense gedoen het vir die aankoop van vaste eiendom. In al die gevalle is huise en nie besigheidspersele aangekoop.

Uit die leggers van die Kaapstadse munisipaliteit blyk dat dit nie alleen plaaslike Indiërs is wat in Kaapstad huise aankoop nie, maar ook Indiërs uit Natal van wie een die eienaar is van meer as vyftien eiendomme. Die meeste hiervan is in Sout-rivier en Woodstock geleë.

Indiërs besit nie alleen in die agterbuurtes van die stad vaste

Poskantoor Weier Pakkies Bestem vir Duitsland

Die regering in die uitoefening van sy wraakbeleid teenoor Duitsland het verbied dat pakkies volgens 'n bestaande reëling oor Switserland na Duitsland gestuur word. Alle pakkies wat voortaan aan Switserland geadresseer is, word nou deur die poskantoor oopgemaak en indien vas-gestel word dat die pakkies vir persone in Duitsland bestem is, word dit aan die afsender teruggestuur.

Deur die bemiddeling van Switserse privaat organisasies was dit moontlik om pakkies bevattende klere aan persone in Duitsland te stuur. Die pakkies is geadresseer aan die organisasies wat dit weer aan die gemelde adres in Duitsland gestuur het. Die reëling is gedoen omdat daar nog geen betroubare posdiens in Duitsland is nie. Hierdie organisasies het dépôts in Duitsland wat spesiaal sorg vir die aflewering aan die betrokke adres.

Die poskantoor in Kaapstad deel mee dat daar sowat 700 pakkies deur die poskantoor vir

afsending geweier is en wat aan die afsenders terug besorg sal word. Hierdie pakkies het almal klere bevat, meestal ou klere, wat bestem is om die nood in Duitsland te verlig. Die weiering om die pakkies wat vir Duitsland bestem is, te versend, geskied in opdrag van die hoofposkantoor.

Voedselpakkies en ander pakkies wat vir Engeland bestem is waarvan daar sowat 30,000 per maand versend word, is nie onderhewig aan die reëling dat hulle oopgemaak of geweier word nie. Pakkies kan nog op die ge-

wone manier na Switserland gestuur word, maar geen pakkies wat bedoel is vir versending vanaf Switserland na Duitsland sal voortaan deur die poskantoor aangeneem word nie.

STUUR GELD


Die weiering van versending het alleen betrekking op pakkies wat in Suid-Afrika oopgemaak word en het geen betrekking nie op die stuur van geld aan die betrokke noodlenig-organisasies in Switserland, wat dan die voedselgeskenke aankoop en dit aan die betrokke adres lewer.

Een van hierdie Switserse firmas, die Schweizerische Caritaszentrale, het so pas 'n agent in Suid-Afrika aangestel wat voortaan die taak namens hom in Suid-Afrika sal behartig. Die agent, Oorsee-Ge-skenk-pakkette Mpy. (Edms.) Bpk., setel in Pretoria, en deel mee dat die volgende tipe pakkies beskikbaar is teen pryse wat die Switserse firma neergelê het: Dänemark 37s.; Suisse 20s.; Medico 29s.; Zig 16s., en kinderpakket teen 5s. Alle verdere besonderhede sal deur die firma op aanvraag verskaf word. (Kyk advertensie.)

GEHEIMHOUDING

Die Smutsregering met sy veelvuldige gebreke is blykbaar van voorneme om hierdie gebreke voortaan so min as moontlik onder die aandag van sy ondersteuners, sowel as onder dié van sy teenstanders te bring. Dit is nie meer soos in die verlede vir die pers moontlik om inligting van staatsdepartemente te verkry sonder dat die betrokke departement magtiging van die departementele hoof uit Pretoria ontvang nie. 'n Personeelklerk van een van die departemente het Die O.B. meegedeel dat dit gedoen word as gevolg van persberigte wat in die jongste verlede verskyn het en waarin toestande binne die diens aan die lig gebring is.

Eers Hul Lewe Gekos



Nadat die V.S.A. dwarsdeur die oorlog en daarna 'n beleid van toegeeflikheid ten opsigte van Rusland en sy satelliete gevolg het, het hy eindelijk 'n meer beslisse toon geopenbaar toe sy vliegtuie herhaaldelik deur Joego-Slawië afgeskiet is en van sy vlieëniers die lewe verloor het. Die foto toon die kiste van vyf Amerikaanse vlieëniers in 'n kapel in Rome, nadat hulle deur Joego-Slawiese soldate afgeskiet is.

eiendom nie maar ook in die beste woonbuurtes van die stad.

In Tuine, waar die meeste Afrikaners woon, is 'n groot en deftige huis die eiendom van Indiërs. Hierdie huis word nie pal bewoon nie en staan vir die grootste deel van die jaar leeg. Die eienaar, 'n Indiër, bewoon dit slegs wanneer hy Kaapstad besoek.

MEER KOS VIR DUITERS:

Die broodrantsoen aan die gewone verbruikers in die Britse besettingsgebied van Duitsland sal vir die volgende rantsoentypperk wat hierdie week begin, met ongeveer 18 onse per week verhoog word. Die ander rantsoene word met 8 onse verhoog.

Maak Wapens Vir Russe

In weerwil van die bepalings van die Potsdam-ooreenkoms, waarvolgens alle oorlogsfabrikke in Duitsland met die grond gelyk gemaak moes word, is die groot Krupp-werke, twee I.G. Farben-fabrikke by Bitterfeld en twee ander wapenfabrikke by Magdenburg besig om vir die Russe wapens te vervaardig teen die hoogste versnelling.

Nuwe fabrikke word elke dag deur die Russe oorgeneem en na deur ingeligte kringe wat toegang tot dokumente gehad het, geskat word verteenwoordig dit al 'n totale waarde van £400,000,000.

Die Britse owerheid het onlangs voorgestel dat daar in elke besettingsgebied ondersoek moet ingestel word na watter mate die oorlogsfabrikke afgetafel is. Die Russe het geweier om so 'n ondersoek toe te laat.

MONTGOMERY NA DIE UNIE: Veldm. Montgomery het verlede week aangekondig dat hy Suid-Afrika gedurende die tweede helfte van aanstaande jaar sal besoek op uitnodiging van genl. Smuts.

NUWE KOMMANDO GESTIG

Die Ossewabrandwag as volksbeweging is steeds besig om sy vlieëls wyer en wyer oor die Afrikanervolk uit te brei en in krag toe te neem. Die jongste getuïenisse hiervan is die stigting van die nuwe kommando op Villiersdorp onder leiding van hffkomdt. J. J. Viljoen van Caledon en sy kommandoraad. Die stigting het met groot geesdrif gepaard gegaan.

Buitengewone belangstelling in die saak van die Ossewabrandwag is hier gaande gemaak met die bekendwording dat 'n kommando van die O.B. in Villiersdorp gestig is. Die O.B. is uitgenooi om 'n openbare vergadering te hou en die beleid van samewerking voor te lê. Hierdie belangstelling in die beleid van die O.B. getuig van die nuwe gesindheid wat reeds in die boesem van die volk posgevat het.

Onmenslikheid in Neurenberg

As die oorlog vir menslike regte geveg is, moet dit in elk geval nie by Neurenberg gesoek word nie. Selfs die elementêre begrippe van menslikheid ontbreek hier geheel en al in die behandeling van die Duitse leiers wat hul doodvonnis af-wag.

Hierdie leiers is dwarsdeur hul verhoor nie toegelaat om besoek van hulle familiebetrekkinge te ontvang nie. Selfs hul eggenotes word nie toegelaat om hulle in die gevangenis te besoek nie.

Die vroue van die beskuldigdes het al herhaaldelik versoek dat die reg om hulle mans te besoek, toegestaan moet word. Dit is keer op keer geweier.

Mev. Göring, eggenote van die Duitse Veldmaarskalk, het herhaaldelik van haar woning in Beiere na Neurenberg afgereis om haar man te sien. Elke keer moes sy onverrigter sake terugkeer nadat hy reeds meer as 'n jaar van haar geskei is en op 'n gewisse dood sit en wag.

Hierdie middeleense regspleging van die Geallieerdes ontse aan die Duitse leiers wat nog nie veroordeel is nie, en daarom onder die wet as onskuldig beskou word totdat hulle vonnis gevel is, die voorregte wat selfs die grootste misdadiger of moordenaar geniet. So lank 'n persoon in Suid-Afrika op verhoor wag of sy vonnis nog hangende is, is hy geregtig op twee

besoeke per week. Wanneer veroordeel, kan hy eenmaal elke maand deur familie besoek word.

Hierdie reël het egter ook nie in die Unie gegeld ten opsigte van politieke gevangenes nie, wat maandelank sonder aanklag opgesluit was sonder dat selfs regsadviseurs toegelaat is om hulle te spreek.

Deur bemiddeling van die kerk het die Geallieerdes verlede week vir die eerste maal toegestaan dat die vroue van die beskuldigdes hulle mans van agter dik tralies vir 'n paar minute kon spreek — na vyftien maande en omtrent twee weke voor hul gedoemde einde!

SAL SAAMWERKPOGINGS BEVEG SE H.N.P.-LEIER

'n Waarskuwing dat die H.N.P. alle pogings tot same-
werking tussen Afrikaners soos
voorgestel deur die Ossewa-
brandwag om die Smutsbewind
by die volgende verkiesing te
verslaan, tot die uiterste en met
alle mag sal bestry, is gedoen
in 'n persverklaring en toe-
spraak van mnr. J. G. Strydom,
mede-leier van die H.N.P. in
Transvaal. Mnr. Strydom eis
dat alle republikeinse Afrika-
ners hulle onvoorwaardelik aan
die H.N.P. moet oorgee en hom
geldelik en andersins steun.

Mnr. Strydom verklaar dat
alle pogings om eenheid op 'n
grondslag soos voorgestel deur
die O.B., waar elkeen sy identi-
teit behou, net skyn is en dat
dit bedoel is om die H.N.P. te
oormyn. „Die H.N.P. sal
enige sodanige poging met alle
mag bestry.

„Daar is net een praktiese
manier om eenheid te verkry,
nl. binne die gelede van die
H.N.P., het hy in die Water-
bergse kiesafdeling verklaar.

In 'n persverklaring, uitge-
reik deur die leiers van die
H.N.P. in Transvaal, verklaar
mnr. Strydom: „'n Tydjie ge-
lede is dit onder my aandag ge-
bring dat . . . persone nou po-
gings aanwend om lede van die
Party op verskillende plekke in
die land te beweeg om buite die
Party om, sonder toestemming
van die Kongres of Hoofbestuur
sogenaamde „eenheidskomi-
tees” te stig (in Wes-Transvaal

word mense gevra om 'n „Vre-
desbeweging” tussen die groepe
te stig).

VIR H.N.P. GEVAARLIK

„Die bedoeling sou dan wees
om op dié wyse samewerking
te verkry en om die Party te
dwing om met die afwykende
groepe saam te werk.”

Mnr. Strydom vrees dat
volkseneid op hierdie grond-
slag 'n bedreiging vir die H.N.P.
inhou. Sy oplossing vir die
vraagstuk is onvoorwaardelike
oorgawe aan die H.N.P. „Laat
hulle hul verbrokelede akti-
witeite staak en weer soos baie
van hulle voorheen was, lede
van die Party word. Alleen op
hierdie grondslag kan daar sa-
mewerking wees. Om te praat
van samewerking en terselfder-
tyd die vernietiging van ons
party, is bedrog van die ergste
graad,” aldus mnr. Strydom.

Dieselfde waarskuwing teen
pogings tot eenheid is vervat
in 'n hoofartikel van Die Trans-
vaal waarin hy te velde trek
teen die ooreenkomste tussen
plaaslike afdelings van die ver-
skillende groepe. „Daar is
klaarblyklik van die O.B. se
leiding se kant 'n taktiek aan
die hand gedoen aan sy volge-
linge, nl. om oral plaaslike lei-
ers en lede van die H.N.P. te
beweeg om hulle nie te steur
aan die standpunt van hul party
se hoëre besture of kongres-
se of leiers nie, maar op eie
houtjie plaaslike ooreenkomste
aan te gaan.” Aldus die blad,

wat daaraan toevoeg: „Deur
hul leiers also by H.N.P.-lede
verdag te maak en deur hulle
aan te hits om partybesluite te
veronagsaam en dus feitlik in
opstand te kom, sou die O.B.
help tot samewerking.”

GEVOELIG

Die blad kla dat die O.B. die
H.N.P. op elke moontlike ma-
nier ondermyn. „So word bv.
deur dr. Van Rensburg vertel
dat die O.B., die republikeinse
besieling van die volk geword
het. Dit is 'n duidelike steek
aan die adres van die Nasionale
Party wat reeds vir die Repu-
blik gewerk het toe dr. Van
Rensburg nog 'n kolonel was,
en wat sonder twyfel die meeste
gedoen het om grootskaalse
steun vir hierdie ideaal te ver-
werf.”

Die blad sluit sy berisping
teen die eenheidszoekers af met:
„Daar moet gewaarsku word
dat indien plaaslike lede of or-
ganisasies van die H.N.P. hulle
laat verlok tot reëlings waartoe
die O.B.-leiding beveel het, op-
nuut wrange vrugte van ver-
deeldheid — plaaslik en oor die
land — gees sal word op hier-
die kritieke tydstip, in plaas
van samewerking.”

Asof daar groter verdeeld-
heid kan wees as dié wat reeds
in nasionale gelede bestaan en
wat die volk tans poog te oor-
brug!

Partye Uitgediend Meen Koerant

Die mening dat die politieke partye voor 'n krisis staan en
dat hulle die moontlikheid in die gesig moet staar om vernietig
te word weens hul bekrompenheid en vrugtelosheid, word uitge-
spreek in 'n hoofartikel van die onafhanklike Afrikaanse dagblad,
Die Vaderland. Die partye kan hulself egter hernu, deur eerder
'n ruim volksbeweging as 'n party te word omdat dit dan mense
wat saamhoort deur simpatie en grootmoedigheid, saambind, is
die mening van die blad.

Die blad skryf dat die Afri-
kaner sy vertroue in die party-
politiek en in die propaganda
dat een Afrikaner beter is as 'n
ander omdat hy aan 'n sekere
politieke party behoort, verloor
het. Daar was seker nog selde
'n tydperk waar daar so 'n ver-
lamming ten opsigte van „poli-
tiek” was as wat dit nou die
geval is.

'n Groot teleurstelling het
hom meester gemaak van die
volk. Hy het sy geloof verloor
in die waaragtigheid van die
party-politieke slagkrete; daar
bestaan die noodlottige gevoel
dat ons nou maar min op staat-
kundige gebied kan bereik,
want elke eenheidspoging sal
tog maar misluk! Dit is 'n jam-
merlike toestand. „Ons ideaal
moet weer gesuiwer word van
party-politieke bykomstigheid.
Ons moet glo dat ons iets kan
bereik en ons moet glo dat die
persone wat ons lei, onselfsug-
tig en onkreukbaar hulle taak
sal volvoer . . .”

„Ons politieke partye staan
egter voor 'n krisis. Dit sal in
alle lande 'n toenemende mate
die aanslag van diktatormagte
voel wat dit wil vernietig weens

die bekrompenheid en futiliteit
daarvan. Dit kan homself eg-
ter hernu en eerder 'n ruim
volksbeweging as 'n party word.
Dit kan mense wat saamhoort,
deur simpatie en grootmoedig-
heid saambind en almal mee-
voer in 'n ruimeestige opbou
van ons land met behulp van
alle groepe. Kan dit nie van die
ringmuurkompleks genees word
nie, sal dit onvermydelik as ge-
volg van isolasie enersdenken-
des net nutteloos verdeel hou
en die volk sal ly.” Aldus die
blad.

GENERAALSKAP GEE EIE BLAD UIT

Die Voorpos, 'n maandblad
van die Pretoriase Generaal-
skap F4, het so pas sy tweede
uitgawe die lig laat sien. Dit
is die eerste van sy soort en
stel hom ten doel om die orga-
nisasie van die Ossewabrand-
wag in Pretoria behulpsaam te
wees en daartoe by te dra om
die ontsaglike onkunde oor die
Ossewabrandwag uit die weg te
ruim.

Die blad is veral bedoel om
in plaaslike behoeftes te voor-
sien, en hoop om in die toe-
koms weekliks te verskyn.

Die eerste twee uitgawes be-
vat artikels oor die beleid, een-
heidstewe en arbeidsfront van
die Ossewabrandwag as ook 'n
interessante vervolgverhaal.

Dit is verkrygbaar van Die
Bestuurder, Die Voorpos, San-
lamgebou 616, Posbus 1230,
Pretoria. Die intekengeld is
5s. per jaar of 2/6 halfjaarliks.

„Wat Waar Was Bly Waar”

DR. MALAN OOR OSSEWABRANDWAG

Genl. J. A. Smith skryf:— As
die onderstaande uitsprake toe
reg was, is dit nou ook reg. Op
die Herenigde Nasionale Party-
Kongres, Pretoria, 3 Desember
1940, het dr. Malan hom as volg
uitgelaat. (Sien Die Burger,
4 Des. 1940):

„In hierdie uur moet ons eg-
ter die meeste waak teen groe-
peworming. Spreker benadruk
eenheid en volkome eenheid,
omdat afgesien van die Party,
die Afrikanerdom besluit het
om een te wees. Die Afrikaner-
dom is besig om te organiseer.
Ons het volksorganisasie soos
nog nooit tevore nie. Ons het
die Ossewabrandwag. (Lang-
durige toejuiging.)

„Die Ossewabrandwag staan
vir aaneengeslote, hegte en
doelbewuste Afrikanereenheid.
Hy stel hom as waarborg vir
die eenheid, en as politieke
leiers uitmekaar gaan oor
twiste, sal die Ossewabrand-
wag weier om die volk te laat
skeur. (Toejuiging.)

„As ons Party ons eenheid
uitlewe en met vrug 'n beroep
doen dat so 'n atmosfeer geskep
word, sal enigeen wat probeer
verbreek, met ongeduld be-
jeën word.”

BOODSKAP

As leier van genoemde party,
het dr. Malan (sien Die Burger,
5 Desember 1940) die volgende

boodskap „aan die Afrikaner-
dom as geheel” gerig:

„Vereenselwig julle met ons
volksorganisasie. Vereensel-
wig julle met die Ossewa-
brandwag. (Toejuiging.) En
doen dit op so 'n uitgebreide
skaal dat jy kan sê die Osse-
wabrandwag is die Afrika-
nervolk en die Afrikanervolk
is die Ossewabrandwag.

„As hulle dan die Ossewa-
brandwag aantas, tas hulle die
Afrikanerdom aan. Niks is so
magtig as 'n Volksbeweging
nie. Daarteen sal ons politieke
vyande hulle soos 'n muur vas-
loop.”

In Januarie 1941 het dr. Ma-
lan op Winburg, nadat hy die
O.B. geluk gewens het met die
keuse van sy leier, verklaar:
„Ek het altyd gevoel dat deur
slegs 'n politieke stryd ons nie
die volk kan red nie. Daar moet
'n algemene volksorganisasie
wees. Die O.B. voorsien in hier-
die behoefte.

ONBREEKBAAR

„Die O.B. koppel sy bedry-
ghede aan die verlede — aan
wat groot en edel was — maar
hy is nie 'n organisasie wat
slegs in die verlede leef nie. Hy
kyk ook vorentoe na ons mik-
punt en na ons volksbestem-
ming. Die O.B. kan nie ge-
breek word nie. Elke dreige-
ment van Lawrence of van

TERUG NA DUITSLAND:

Die Duitse krygsgevangenes in
Engeland, van wie daar nog
sowat 400,000 is, sal voortaan
teen gemiddeld 15,000 in plaas
van 3,000 per maand na Duits-
land terug gestuur word. Voor-
keur sal gegee word aan per-
sone wat demokratiese gesind-
heid openbaar. Hierdie Duit-
sers doen tans slawearbeid in
Engeland.

Smuts, of wie ook al, stoet die
O.B. net vooruit.”

Voorts het dr. Malan gesê:
„As 'n poging aangewend word
om die O.B. te ontbind, en julle
besluit — en ek verneem dat
julle reeds besluit het — om
hom nie te ontbind nie, sal ek
by julle staan. Ek herhaal hier-
die belofte wat ek op Cradock
gedoen het, en sal my belofte
uitvoer.” (Toej.)

„Vir sover die politieke or-
ganisasie van die Afrikanerdom
betref, 's die politieke front
sterker as ooit tevore. Saam
met die O.B. sal die party enige
verbrokelede van kragte onder
die gelede van die Afrikaner-
dom bestry”, het dr. Malan ge-
sê.

O.B. SE DIT

Dit is net wat die Ossewa-
brandwag nog aldag sê, en is
ook die samewerking wat hy
verlang om die redes deur dr.
Malan hierbo genoem. Dit is
groter eenheid wat hy hierbo
beskryf met sy verklaring, nl.:
„Omdat, afgesien van die Par-
ty, die Afrikanerdom besluit
het om een te wees.”

As dit toe so was en reg was,
is dit nou weer so en weer reg.
Die volk is deur die partytwee
feitlik vernietig. In hierdie uur
van groter gevaar wil die volk
afgesien van die Party, een
word. Net soos toe, sê die Os-
sewabrandwag nou nog, dat hy
weier om die volk deur party-
groeperings langer verskeurd
te sien, of verskeurd gehou te
word deur enige partyleier.

PIETERSBURG

'n Mooi bedrag is deur die
Pietersburgse kommando inge-
samel met hul Fondsdag wat op
28 Augustus op die Louis Tri-
chardtplein gehou is. Lekker-
nye en braaiwels was volop en
die opkoms was goed.

Ds. Jacs. van Rooy het 'n toe-
spraak gelewer en die komman-
do het terselfdertyd van hom
afskied geneem met die oog op
sy vertrek na Krokodilrivier.

Daar is 'n rede . . .

Die merkwaardige opkoms en groei van VOLKS-
KAS is nie maar bloot toevallig nie. Daar is goeie
redes waarom hierdie Bank steeds presteer en uit-
brei — en die belangrikste is ongetwyfeld die ge-
halte van die bankdienste wat deur sy takke ge-
lewer word.

VOLKSKAS se deure is oop vir alle gesonde bank-
sake; die privaat persoon ontvang dieselfde flinke
aandag as die grootste sake-onderneming; geen
transaksie word te klein of te groot beskou nie.

As u belangstel in 'n omvattende, doeltreffende
bankdiens, gelewer in 'n gees van welwillendheid,
beveel ons aan dat u met ons naaste takbestuurder
in verbinding tree.

VOLKSKAS BEPERK

Deposito's Oorskry £10,000,000



BANKIERS

HOOFKANTOOR:
PRETORIA.

OOR BOEKE

„Keer Stalin Met Behulp Van Atoombom”

'n Kragtige pleidooi dat Amerika paal en perk moet stel aan Rusland se imperialistiese uitbreiding deur enersyds 'n federasie van Europese state te help stig waarin ook gelyke plek vir Duitsland sal wees, en andersyds Rusland duidelik te laat verstaan dat enige verdere vergryp aan 'n klein staatjie die Amerikaanse militêre mag met die atoombom in werking sal roep, is vervat in 'n boek, „The Great Globe Itself”, wat so pas van die hand van William Bullitt, voormalige V.S.A.-gesant in Moskou en Parys, verskyn het.

Die boek is verkrygbaar by Pro Ecclesia-Boekhandel teen 17s. posvry, en beslaan 310 bladsye. Dit bevat 'n lywige bylae waarin 'n breedvoerige lys verskyn van Rusland se verdragskendings as ook 'n uiters interessante ontleding van hoe die Kommunistiese Party in Amerika 'n slaafse navolging van die Kremlin-beleid geopenbaar het, en dus die bewys lewer dat kommunistiese partye in alle lande onder die regstreekse leierskap van Moskou staan. Bullitt noem hierdie partye dan ook die vyfde kolonne van Rusland.

Nadat hy 'n uiteensetting gee van hoe Stalin oor Roosevelt en Churchill getriomfeer het, kom hy tot die volgende slotsom:

„Ons het aan Wêreldoorlog II deelgeneem ten einde te verhoed dat Sjina deur Japan oorheers word, en om die oorheersing van Europa deur Duitsland te voorkom. Ons staan nou voor die moontlikheid dat die uitkoms van ons opofferings en oorwinning in Wêreldoorlog II sal wees die oorheersing van Sjina deur die Sowjet-unie en die oorheersing van Europa deur die Sowjet-unie. Vir hierdie vreemde en wrange vrugte het die Amerikaanse volk diegene te danke wat die Amerikaanse buitelandse beleid gegrond het op tevredestelling van Stalin.

ROOSEVELT

Roosevelt word dan ook op besadigde dog genadelose wyse uitgevys as die man wat verantwoordelik was vir die uitlewering van Oos-Europa aan Stalin. Hy het uitgegaan van die veronderstelling dat hy in staat sal wees om Stalin met die blote mag van sy persoonlikheid aan 'n konferensietafel te bekeer tot die goeie. En met die oog daarop het hy alle skyn van eise vermy, al was Rusland vir sy lewe afhanklik van Amerikaanse hulp.

Die skrywer meen dat indien Amerika duidelike voorwaardes vir sy hulpverlening aan Stalin gestel het, laasgenoemde vroegtijdig hokgeslaan kon geword het toe hy die een staat na die ander begin inpalm het. Van hierdie skitterende geleentheid is egter geen gebruik gemaak nie. In teendeel, Roosevelt het van sy kant nog pogings aangewend om Stalin so gewild as moontlik by die Amerikaanse publiek te maak. En met die oog daarop het hy die wenk aan Stalin gegee dat die Amerikaners gretiger sal wees om onbeperkte hulp aan Rusland te verleen indien laasgenoemde die een of ander „kalmerende gebaar” ten opsigte van die godsdienst sal maak. Stalin, wat hoogs ingenome was met die feit dat die Amerikaanse regering hom beywer om die Sowjet gewild by die Amerikaanse publiek te maak instede van 'n geskrewe belofte van hom te eis, het geredelik oorge-

gaan tot die staking van anti-godsdienstige propaganda. Vandag gebruik Stalin die kerk vir sy eie politieke doeleindes.

TJOEPSTIL

Selfs toe die kwessie van anneksasie van een-derde van Poolse gebied te berde gekom het in Teheran, het Roosevelt geweier om deel te neem aan die besprekings, en die verantwoordelijkheid op Churchill afgeskuif om Pole se selfstandigheid te verdedig.

Churchill het probeer beduie dat dit die saad van 'n nuwe oorlog bevat, maar Stalin was onbeweeglik. Churchill het kopgegee en Roosevelt het sy hande in onskuld gewas. Hy was tevrede daarmee om Stalin tevrede te stel.

Die skrywer kom tot die gevolgtrekking dat Amerika, wat industrieel en militêr in hierdie oorlog die magtigste moondheid was, vergelyk kan word met 'n prehistoriese reus wat die krag gehad het van 'n lokomotief en met tande 'n voet lank, maar met 'n brein so groot soos 'n piesang. Hy het uitgesterf.

RUSSIESE OORMAG

Indien daar geen stappe gedoen word om die oorheersde lande uit Stalin se kloue te red nie sal die militêre oormag van Amerika geleidelik deur Rusland uitgewis word. Die bevolkingsaanwas van Rusland is van so 'n snelle aard dat hy binne dertig jaar 100,000 meer mense sal hê as Amerika. Oor tien jaar sal Rusland by 'n 37,000,000 weerbare manne hê teenoor omtrent 7,000,000 van Engeland, en in 1970 sal Rusland 43,000,000 hê teenoor slegs 5,700,000 van Engeland en 4,800,000 van Frankryk. Indien Rusland boonop toegelaat word om die geannexeerde lande te behou, sal Stalin binnekort reeds oor 418,000,000 mense regeer, terwyl hy verder oor die rykste nywerheidsdele van sowel Europa as Asië beskik, nl. Silesië en Mantsjoerye, wat onderskeidelik 30 en 70 persent van Duitsland en Sjina se nywerheidskrag verteenwoordig het.

„GEDUG”

„Die Russiese diktator het tot sy beskikking die fisiese mag van die Sowjet-unie, die ryke aanwas van sy volksgetalle, die geloof van die kommunistiese aanhangers, die ou Russiese tradisie van Tsaristiese imperialisme, die mistieke geloof dat Moskou die „derde Rome” is wat bestem is om die wêreld te regeer, die hulp van die poppe-regerings wat hy in Europa en Asië opgestel het, die toewyding van die vyfde kolonne wat onder die naam van Kommunistiese Party onder alle volke gestig is, die hulp van die „mede-reisigers” en slagoffers en moeggeworde liberales wat wanhoop aan die oplossing

van vraagstukke langs 'n Christelike en demokratiese weg en hulle nou soos uitgeputte kinders aan sy boesem begeeef.

„Dit is 'n gedugte slagorde van mag in die hande van 'n diktator meer absoluut as Hitler, wie se geloof tot sy oogmerk maak die verowering van die wêreld vir die kommuniste.”

Die skrywer toon aan dat die oorheersing van Europa deur Rusland dit vir Engeland op die duur onhoudbaar sal maak, en ook vir Amerika, aangesien alle markte onder Russiese beheer vir eersgenoemde verlore gaan. Verder word die oliebronne van die Nabye-Ooste in gevaar gestel deur Rusland se ambisies in daardie geweste, en dit op sigself is 'n uiterste bedreiging vir Amerika wie se eie oliebronne uitgeput begin raak.

ATOOMBOM


Bullitt verklaar dat hy nie pleit dat Amerika Rusland moet aanval net omdat hy weet laasgenoemde hom vroeër of later gaan aanval nie, want dan staan hulle nie op 'n veel hoër peil as die kommuniste nie. Dit beteken egter nie dat daar geaarsel moet word om die atoombom te gebruik om nuwe misdade van Russiese imperialisme te stop nie. Die waarskynlikheid dat Wêreldoorlog III kan uitbreek voordat Rusland die atoombom het, lê opgesluit in die moontlikheid dat Stalin kan reken dat Engeland en Amerika hom sal toelaat om verdere misdade strafloos te pleeg. Stalin kan by voorbeeld sy troepe beveel om Turkye aan te val in die hoop dat Engeland te oorlogsmoeg is om sy woord aan Turkye gestand te doen, en dat Amerika onverskillig daarteenoor sal staan.

„In elk geval is dit duidelik dat Amerika Russiese imperialisme op een of ander stadium sal moet keer of hom aan Stalin se oorheersing onderwerp,” verklaar die skrywer, wat met aanhalings uit Stalin se toesprake, tot so pas gelede as Februarie 1946, aandui dat dit die beskouing van die Moskouse heersers is dat die hele wêreld deur die kommunisme verower moet word.

VRA DEPORTASIE VAN AGITATORS

'n Versoek dat die kommunistiese agitators wat die natuurlike oprui, gedeporteer moet word, is verlede week deur die voorsitter van die Port Elizabethse kamer van koophandel, mnr. W. Frye, geopper. Hy het verklaar dat dit geblyk het dat die bewering dat die Kommuniste die natuurlike opstoot, heeltemal gegrond is en dat dit nie gesus kan word nie. Hy voel dat dit nodig geword het om die agitators te stuit en dié wat nie onderdane is nie, na die land van hulle oorsprong met dank terug te stuur.

WAARDE VIR GELD



Vir
Voetmoeilikhede
raadpleeg 'n deskundige

Handgemaakte Voetstutjies
Volgens Afmetings:
'n Spesialiteit

Physical Foot
Culture
Oranjestraat 82
KAAPSTAD

MEUBELS
FRYSE STYG VINNIG
KOOP NOU!
Ons hou alleenlik goeie
kwaliteit Meubels in
voorraad
Werda
Meubelhandelaars.
(EINDOMS) BEPERK
Groote Kerkgebou — Kaapstad

MARKAGENTSCHAP
VROEE MÔRE-MARK
KAAPSTAD

•
Betaling geskied onmiddellik
wekeliks, maandeliks of
soos verlang

•
Beste heersende pryse

•
MINNAAR
EN VAN SCHOOR
Elenaar: GUSTAV RETIEF

Beskerm u Oë

Bring u oogarts se voorskrif
na ons. Laat gekwalifiseerde
Voorskrif-Oogkundiges u be-
dien.

Wahl, Lawrence
EN KIE.
BRILMAKERS

Adderleystraat 120a, Kaapstad
Foon 22408

MOORREESBURGSE PUIK
LANDBOUSKOU


WOENSDAG en DONDERDAG, 25 en 26 SEPT.
op die TENTOONSTELLINGSTERREIN

Nagenoeg 12 spanne muile, en spanne perde, karperde, ryperde, spanne osse, Fries- en Jersey-beeste, skape, varke, pluimvee, graan, groente, huisvlyt, e.d.m., alles van die beste gehalte sal tentoongestel word, benewens ook vry vertonings van landboumasjinerie.

Die verwagting is dat die kompetisie sterker sal wees as by enige vorige tentoonstelling en dat die Moorreesburgse Skou weer die beste op die platteland sal wees.

KOM SEKER EN OORTUIG USELF!

Vulpenne



DIE BEKENDE MAKERS
VAN CROXLEY-
SKRYFBEHOEFTE
het nou 'n VULPEN op die
mark.

Die Croxley vulpen is ver-
krygbaar in 4 kleure—swart,
Bruin, Rooi, Groen—punte
medium en dun.
25/6 pv.

PRO ECCLESIA-
BOEKHANDEL

Posbus 29, Stellenbosch.

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

DIE O.B., WOENSDAG, 18 SEPTEMBER 1946.

S.A. 'n Winterplaas

Die kuns van ware staatsmanskap is om uit die beskikbare bronne 'n volk welvarend te maak. Dit is bewys in Portugal waar dr. Salazar die bankrotboedel wat die partypolitiek hom nagelaat het, weer solvent gemaak het sonder hulpmiddels van buite. Dit is ook bewys in Duitsland waar Hitler in die aangesig van buitelandse boikot sy volk se lewenspeil verhef het tot wat die Britse arbeiders vir 'n Utopia kan aangesien het.

In Suid-Afrika het enige sodanige staatsmanskap nog steeds die kragdadige verset van diegene wat tans aan bewind is, ondervind. Hierdie mense beskou Suid-Afrika as 'n soort bosveldplaas wat maar braak moet lê vir die nut en plesier van die boer op die hoëveld — in hierdie geval vir die nut van Brittanje.

Hierdie geesteshouding openbaar hom in die afgelope tyd weer sterk ten opsigte van Suid-Afrika se arbeidskrag. Op nywerheidsgebied is daar 'n geweldige tekort aan vakmanne. Hierdie tekort is daar ten spyte van die feit dat honderde Afrikanerseuns jaarliks afgewys word vir opleiding. 'n Britse vakbondstelsel, vir 'n groot deel onder beheer van ingevoerde Britte, handhaaf 'n kunsmatige tekort wat aangevul moet word uit Brittanje, onderwyl die eie landseuns na die ongeskoolde arbeid afgedruk word. Dit word deur die owerheid nie net geduld nie, maar aangegryp as 'n ekskuus waarom daar stemme van oor see ingevoer moet word, want die owerheid is in die eerste plaas 'n party wat sy eie bestaan moet handhaaf voor die bestaan van die volk.

VLOERE SKROP

In ons hospitale heers daar 'n ondraaglike tekort aan verpleegsters. Dit is nie 'n verskynsel van gister of eergister nie, maar hoewel daar honderde jong Afrikanermeisies is wat jaarliks aansoek doen om as verpleegsters opgelei te word is daar nooit voorsorg getref vir hul opleiding nie. Die paar wat opgeneem word as leerlingverpleegsters in bestaande hospitale word nog boonop, na die voorbeeld in Brittanje, maandelank misbruik vir vloereskrop. En omdat hierdie toestande maar voortduur, is daar onlangs nog weer deur die Kaaplandse administrasie besluit om verpleegsters van oor see in te voer — vanuit Engeland natuurlik.

Die onderwysberoep is weens die skandalige besoldiging besig om dood te loop. Wyse staatsmanne wat hulle besig hou met hul staatsarbeid in plaas van met alle mag te veg vir hul politieke lewe, sou al lank 'n ope oog vir hierdie gevaar gehad het, en ook vir die voor die hand liggende oplossing. Nie die huidige partybewind nie. Hy verwelkom dit, want dit gee hom die gesogte geleentheid om stemme en opleiers van stemme van oor see in te voer. Daartoe is op partykongresse en in uitvoerende komitees besluit 'n paar jaar voordat die betrokke administrasie oorgegaan het tot die benoeming van 'n kommissie van ondersoek insake onderwyssalarisse.

„WETGEWENDE VAKANSIE”

Die staatsdiens loop vandag leeg teen 'n tempo van vyf per dag. In alle afdelings is daar 'n verlamende tekort. In die meeste gevalle is staatsamptenare van die moderne staat hoogs geskoolde en professionele manne, maar ten spyte hiervan was die besoldiging en diensvoorwaardes in die staatsdiens nog steeds dié van 'n derderangse negosiewinkel. En toe die breekpunt bereik is, is maar weer 'n kommissie aangestel wat meer as twee jaar lank gebroei het op 'n aanbeveling wat, nadat dit uiteindelik toegepas is, nóg nuwe rekrute kon werf nóg die bedankingstroom kon keer.

Wyse staatsmanne sou, indien hulle so 'n toestand geërf het, diep bekommerd daaroor gewees het. Maar nie die huidige partybewind nie. Sy pers verheug hom oor die leegloop in die staatsdiens, want in die eerste plaas beteken dit 'n „wetgewende vakansie” aanstaande jaar tydens die koningsbesoek weens die gebrek aan staatsamptenare wat nie meer kan tred hou met die wetgewende maatreëls nie! En in die tweede plaas word gehoop, aldus die Cape Argus, dat die immigrasiebeleid hierin 'n oplossing sal bring. Wat die blad moes gesê het is dat hierdie toestand inderdaad 'n oplossing bied vir die regerende party se immigrasiebeleid, want dr. Colin Steyn het reeds vol wanhoop gepleit dat daar eers mense ingevoer moet word en daarna kan weë gevind word om hulle van werk te voorsien!

September-Leiers

Soos die leiers van die vorige geslag in ons geskiedenis bekend staan as die Oktober-helde, omdat byna al die vernane volksleiers in Oktober gebore was, kan die nuwe geslag van die September-leiers praat. Nie alleen verjaar sowel die leier as adjunk-leier van die Ossewabrandwag in hierdie maand nie, maar ook die Jeugleier.

Dr. Hans van Rensburg herdenk sy geboortedag op die 24ste, die Adjunk-K.G., genl. J. A. Smith, die 4de en die Jeugleier, prof. Dirk van Rooy, die 18de.

Aan hierdie „September-leiers” van die nuwe geslag, wat gedurende die moeilike oorlogsjare hul toegewydheid aan die republikeinse saak met taai volharding en bekwaamheid bewys het, en op wie in die toekoms nog groter verantwoordelikhede gaan rus, bring ons respektvolle hulde. Mag hulle ook krag en leiding ontvang vir hul leierskap.

Nasionalisme en Sosialisme Reik Mekaar Die Hand

Vir jare was die blote woord „sosialisme” vir die Afrikaner 'n paai-boelie. Dit was juis deur 'n beroep op hierdie ingebore afkeur teen „sosialisme” dat die mynbase en hulle handlangerregering die plattelandse boere gekry het om hulle mede-Afrikaners op die strate van die Rand te kom plaskiet. Aan die Afrikaners wat hulle opgeroep het, het hulle gesê om „sosialiste” te gaan skiet . . . maar die lyke wat in die strate rondgelê het, was die lyke van manne wat enige jare tevore nog plattelandse Afrikaners was. En die moeders en weeskindertjies wat daar hulle dode beween het . . . wat was hulle anders as afstammelinge van daardie selfde Geuse en Hugenote, lidmate van ons eie kerke? Jarelank het die vyand ons laat blind word van woede as ons net 'n woord hoor . . . sosialisme! So het hy verdeel en geheers. Daardie jare is nou verby! Vir altyd verby.

Ons hele beskawing vandag staan onder die teken van die Sosialistiese Eeu. Of daardie sosialisme nou nasionaal is of anti-nasionaal . . . sosialisme bly dit nietemin. Dit is die tekens van die tyd, en uit die tyd kan niemand weghardloop nie.

HAND GEREIK

Die kapitalisme is die geswore vyand van beide die nasionalisme en die sosialisme. Solank as dit hierdie twee elemente uitmekaar kan hou en kan keer dat hulle nie saamkom nie kan dit die een afspeel teen die ander. Maar op daardie dag wat hierdie twee mekaar die hand reik . . . daardie dag slaan die klok vir die kapitalisme der tien! In die Ossewabrandwag het die Afrikaners mekaar die hand gereik, die nasionalisme en die sosialisme. Die hand gereik vir altyd!

Nie die internasionale sosialisme van Moskou nie wat gespruit het uit die haatvervulde brein van die internasionale Jood, Karl Marx. Internasionale sosialisme is so seilloos soos die kapitalisme. Nie die internasionale sosialisme van die kommunisme nie dog die nasionale sosialisme wat spruit uit die harte van ons eie mense, van die werkers van Suid-Afrika. Die soort sosialisme wat met 'n besliste „Ja” antwoord op die eeu-oue vraag: „Is ek dan die hoeder van my broeder?” Net waar die Afrikaner, man of vrou, vir sy of haar daaglikse brood swoeg in die

myne, in die fabriek, op die plase en op die paaie, in die winkel en op die spoorweg, daar soek die Ossewabrandwag hom en haar en sê: „My broer, my suster!”

ARBEIDSFRONT

Waar die werker in sy vakunies georganiseer is, daar wil ons glad nie sien dat hy sy organisasie swakker maak nie. Intendeel. Maar ons sê vir hom. Gooi nog 'n verder anker uit. Gooi 'n anker na iets baie groter en sterker. Anker in jou volk sowel as in jou vakunie. As jy dit doen, sal die dag kom wanneer jou krag sal lê, nie net in jou partikuliere vakunie nie maar veelmeer en veel verder in die Arbeidsfront van die hele Afrika-nerdom. Staans by die Afrika-nerdom en die Afrika-nerdom sal by jou staan.

„As die Afrikaner se nasionalisme hierdie pad nie wil neem nie omdat dit te angsvallig en te skrikkerig vir 'n woord is . . . bang is vir die indruk wat die woord „sosialisme” onder mense wat altyd geneig is om paai-boelies te sien mag skep, dan is so 'n nasionalisme medeskuldig daaraan om Afrikanerwerkers, mans en vrouens van hierdie volk, in die steek te laat en hulle aan die wolf van die kommunisme oor te laat.

Wat die Ossewabrandwag betref, ons gaan sekerlik nie terugdeins van 'n stap wat nodig geword het nie. Ons veg nie vir 'n woord nie — vir een of ander Sijbbolet — ons veg nie teen 'n woord nie; ons veg vir 'n volk en sy bestaan, en vir brood vir sy kinders in sy eie en enigste vaderland.

ARMBLANKES

As 'n volk van effens meer as een miljoen alreeds die skaduwee van sowat driehonderdduisend armblikes het wat oor hom val; as die origes bestaan meestal uit werkers en arbeiders wat moet swoeg en sweet en dit onder uitlanderbase om

O.B.-Beleid

'n bestaan te maak . . . as 'n volk bestaan oorwegend uit mense wat arbeiders en werknemers is wat met moeite hul daaglikse brood verdien . . . en dit nogal in die rykste goudland wat hierdie planeet ken! . . . dan het die tyd aangebreek dat sy leiers moet ophou bang word vir woorde en meer aandag moet bestee aan feite.

Kortliks kom ons stelling hierop neer: wat in Suid-Afrika vir die arm man en die werker goed is, is ook tegelyk goed vir die Afrikaner. En, omgekeerd, wat vir die Afrikaner goed is, is — in Suid-Afrika — ook vir die werker en die arm man goed.

Die Ossewabrandwag sien dit in en is bereid om die logiese gevolgtrekkings daaruit te maak. Daarom herhaal ons dat ons die politieke redding van ons volk sien in 'n nasionalisme wat sosiaal is en in 'n sosialisme wat nasionaal is.

KONGRES OOR KOMMUNISME

Die Afrikaanse Kerke, t.w. die Ned. Herv. of Geref. Kerk (N.G. Kerk), die Gereformeerde Kerk van S.A. en die Ned. Herv. Kerk het 'n kongres belê waar die gevaar wat die Kommunisme inhou vir die Christelike geloof en beskawing, bespreek sal word. Die kongres vind plaas op Woensdag, 9 Oktober, in die Voortrekkergebedenksaal, Pretoria. Afrikaanse kultuurliggame en vroueorganisasies sal ook na hierdie kongres uitgenooi word. Die sprekers is manne van gesag. O.a. tree op dr. S. P. van der Walt, eerv. C. L. Brink en dr. N. Die-drichs.

Brittanje Eis van Ryk Liefdadigheid

Brittanje, so moes die Unie gedurende die afgelope jare ondervind, gaan van die standpunt uit dat sy dominiums hom van voedsel en ander lewensmiddele moet voorsien, maar hy is nie bereid om dit te neem tensy hy dit kan kry vir 'n prys wat hy self bepaal en wat baie laer is as die prys in die land van oorsprong nie. Hierdie waarheid moes Rhodesië in die jongste verlede weer ondervind.

Rhodesië is bereid om voedsel aan Engeland te verskaf, maar Engeland wil veel minder daarvoor betaal as wat die markprys in Rhodesië self is of

as wat die markprys in Engeland is. Om dit moontlik te maak, sal Rhodesië subsidies op sy uitvoer moet betaal. By monde van sy eerste minister het Rhodesië geweier om dit te doen.

Die Unie-regering het gedurende die oorlog tonne vleis en ander voedsel aan Engeland gelewer teen veel laer pryse as die van die binnelandse mark. Om die produsent tot sy reg te laat kom, moes die regering groot uitvoersubsidies op hierdie voedsel betaal. Die Unie-regering het hom dus hierin meer lojaal as die eerste minister van 'n kroonkolonie betoon.

Op die Pad van Suid-Afrika

KAAPSTAD — Hofmeyr-Saal, 21 September. Bespreek by Kamer 605, Groot Kerkgebou (Vriendskap-Sentrum).

Toegang: Volwassenes 2/8; Studente 2/-; Kinders 1/6 (belasting ingesluit).

Word opgevoer deur

DIE BOEREJEUG (Kaapstad-Sentraal en)
DIE O.B.-BLAASORKES (Kaapstad)

ELKE AFRIKANER BEHOORT DIT BY TE WOON!

O.B.-DAGVIERINGS

POTCHEFSTROOM

Die O.B. van Potchefstroom, onder die bevel van generaal-skap E8, het sy jaarlikse funksie vanjaar op 24 Augustus gehou.

Genle. K. Malan en genl. Barry Grobler wat albei die aand opgetree het, is ingewag



GENLE. K. MALAN.

deur 'n flinke erewag van ongeveer 50 lede van die O.B.-wag van Potchefstroom. Hulle is deur hfgnl. prof. F. J. Labuschagne en hfwagkomdt. D. Schoeman onder tamboerbegeleiding na die verhoog vergesel. 'n Skaar van 600 mense was aanwesig.

In sy openingswoord het hfgnl. Labuschagne, wat as voorsitter opgetree het, 'n woord van dank gerig aan oud-hfgnl. A. J. H. v. d. Walt, wat Potchefstroom verlaat het. Krag en seën is hom toegewens in sy verdere diens.

Genle. K. Malan is vervolgens aan die woord gestel. Sy het gewys op wat die beweging gedurende die oorlog moes deurmaak. „Ons kan trots wees op die bestaan van die O.B., want dit het gedurende hierdie afgelope oorlog presteer,” het genle. Malan gesê. Sy het voortgegaan daarop gewys dat dr. Hans van Rensburg die eerste was en nog is, wat sy hand vir samewerking aan mede-Afrikaners bied. Nadat genle. Malan die vroue-kommando van Potchefstroom geluggewens het met hul samewerking, het sy onder toejuiging afgesluit.

Genl. B. Grobler het in sy toespraak kortliks die betekenis van die Rand uiteengesit, en het veral gewys op die noodsaaklikheid van beroepsvertegenwoordiging in 'n regering. Hy het as voorbeeld die werkers genoem en gewys hoe die moeilikhede waarvoor hui staan ontstaan het, en waar presies die

AFSKEID

Oud-hfgnl. prof. A. J. H. van der Walt het vervolgens 'n afskeidsboodskap tot die aanwesiges gerig. „Ons gaan aan in 'n gees van onselfsugtige idealisme,” het die spreker verklaar. „Ons beginseel verseker die toekoms vir ons nageslagte, want dit berus op Boere-tradisie”. Spr. het die plaaslike O.B. sukses en voorspoed toegewens in die stryd wat voorlê.

Na die afloop van die vergadering is die program voortgesit met volkspele.

Die vroue-kommando het verversings verkoop, en is bygestaan deur die O.B.-wag en Boerejeugveldkornetskap JE8-a2.

Genl. en mev. Dirk van Rooy is ook onder die aanwesiges opgemerk. Die opbrengs van die Fondsdag was ongeveer £100 vir E8. Die samewerking tussen die verskillende afdelings was pragtig.

BARKLY-WES EN DELPORTSHOOP

Hierdie kommando's het hul O.B.-dag funksie op 15 Aug. gevier. Die verrigtings is om 10-uur die oggend deur komdt. N. B. Jacobs met 'n gebed geopen. Na die vlaghysing het die verrigtings van die dag begin. Daar is lewendig aan die perdesport en jukskei deelgeneem. Maaltye en verversings is fluks deur die vroue bedien.

Genle. C. Meyer wat aanwesig was, het in 'n besielende rede



GENLE. C. MEYER.

Genle. mev. C. Meyer, hoofvrou van gebied C, het verlede week 'n ernstige operasie in Bloemfontein ondergaan. Sy maak tans goeie vordering.

die strewe van die Ossewabrandwag uiteengesit. Gedurende die middag is vleis gebraai en volkspele gespeel.

'n Interessante program is die aand afgehandel. Dit was veral opvallend hoe baie nielêde by die funksie aanwesig was en hartlik daaraan deelgeneem het. Nieteenstaande die baie tekorte was daar 'n groot verskeidenheid eetware en artikels te koop aangebied.

TRONKSTRAF VIR SWARTMARK

In 'n poging om die swartmark in skaars voedselsoorte uit te delg, het die voedselkontroleur nuwe regulasies uitgevaardig wat voorsiening maak vir 'n tronkstraf sonder die keuse van 'n boete by 'n tweede oortreding van die prysregulasies. In sommige gevalle kan 'n tronkstraf van twee jaar opgelê word sonder die keuse van 'n boete of tesame met 'n boete van hoogstens £1,000.

KLIPKOPPIES

Pretoria-generaalskap het op 31 Augustus op baie gesellige wyse die geboortedag van die Ossewabrandwag herdenk. Die verrigtinge het vroeg die middag 'n aanvang geneem met 'n groot verskeidenheid van boeregeregte, kompetisies en sport-items. Talle besoekers het vanuit alle oorde die feesterrein binnegekom.

Om vieruur die middag was alle ander bedrywighede gestaak en was 'n erewag uit lede van die Boerejeug saamgestel. Na die aankoms van die feesredenaar, prof. L. J. du Plessis, vergesel van dr. J. F. van Rensburg, het die vlaghysingseremonie plaasgevind. Skriflesing en gebed was hierop waargeneem deur ds. H. F. V. Kruger.

Die item van die middag wat die meeste belangstelling geniet het was 'n Boerebaba-wedstryd, waaraan altesaam 60 babas deelgeneem het. Die beoordeelaars het bestaan uit 'n geneesheer, 'n verpleegster-suster en 'n kindertuinonderwyseres. Die vier puikste babas het elk 'n silwerprys ontvang, wat deur die K.G. aan hulle oorhandig was.

Om agt-uur was alle bedrywighede gestaak en het die skare rondom die verhoog saamgekom om te luister na die toespraak van prof. L. J. du Plessis, wie by hierdie geleentheid ook afskeid geneem het as Beleidstudieleier van die Ossewabrandwag om eersdaags besturende direkteur by 'n groot Afrikaanse sake-onderneming te word.

REAKSIE VOLG OP BERIG INSAKE BROODVERMORSING

Die berig wat onlangs in Die O.B. verskyn het aangaande die grootskaalse vermorsing van voedsel, veral brood, in die Unie-hawens, het, na verneem word, ten gevolge gehad dat die Direktoraat van Voedsel navraag gedoen het by die betrokke hawe-owerheid. Laasgenoemde het egter ontken dat dergelike vermorsing plaasvind, en terselfdertyd 'n uitruikery op tou gesit na wie die inligting aan Die O.B. sou verstrek het.

Die vermorsing van voedsel deur besoekende skepe is egter so 'n alledaagse verskynsel in die Kaapstadse hawe dat dit vir diegene wat daeliks by die dokke is, glad nie meer nuus is nie. Hierdie mense het hul verbasing uitgespreek dat soiets ontken kan word, en skryf die ontkenning toe aan die feit dat die betrokke amptenare in kantore ver van die kaai af sit. Verskeie amptenare het hulle bereid verklaar om onder eed te bevestig dat hulle brood in die water sien dryf het en dat dit 'n alledaagse verskynsel is.

Een beamppte het egter meegedeel dat daar 'n aanmerklike verbetering ingetree het in die afgelope paar weke, en skryf dit toe aan die publisiteit wat Die O.B. daaraan gegee het, wat gelei het tot 'n navraag van die Direktoraat van Voedsel.

UNIE EIS NIKS: Suid-Afrika het amptelik aangekondig dat hy afsien van sy aansprake op Italiaanse herstelbetalings of oorlogsmateriaal. Daar is verklaar dat „gebeurtenisse na die verdrag van Versailles getoon het hoe dwaas dit is om ondraaglike herstelbetalings van die verslane vyand te eis.” Ses ander lande het ook hul eise teruggetrek waaronder die V.S.A. en Brittanje.

VIR VEILINGS EN EIENDOM-VERKOPINGS

Van Riebeeck Trust Mpy. Bpk.

SECURITY-GEBOU — KAAPSTAD

Takkantore: Bellville, St. and en Wynberg.

TOT U DIENS ...

Geldenhuis Ingenieurswerke

• DRAAI
• PAS
• SWEISWERK

Wynnestraat 13 — PAROW

Sien Advertensie onder Geklassifiseerde kolomne (Gemeng).

Wapenskou

Die enigste van sy soort in Afrikaans.

DIT GEE 'N KRITIESE NUUSBESKOUIING VAN S.A. SOWEL AS INTERNASIONALE NUUS.

'N BLAD VIR ALMAL.

Intekengeld:

12/6 per jaar.

Posbus 28

STELLENBOSCH

ONS NUWE

Baadjie- en Jumperpakke

van Linne wat nie kreukel nie, is baie deftig.

Steyns

DIE MODEWINKEL PAROW

A.V.B.O.B.

Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekerers

Bloemfontein — Pretoria 130 Takke

PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE EIERE en ander PRODUKTE aan te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE.

(Edms.) Bpk MOREMARK (Posbus 7185) Newton

W. VOIGT (Edms.) Bpk.

Fabrikante van

Kelder- en

Besproeiingsmasjinerie

Bus 10 — HUGENOOT (K.P.)

Stowwe Stowwe

SOOS MIN vir MANS


gemaak deur

'N SNYER SOOS MIN

VAN ZYLS

Hoofweg — PAARL

„HUISE”




ALBEI IS „HUISE”—'n dak oor die kop, en vier mure om die weer buite te hou. Albei beantwoord aan die hoofdoel van beskutting. Maar wat 'n verskil in gerief en gemak!

So ook met Lewensassuransie. 'n Klein polis is ook „assuransie”—goeie, gesonde dekking. Maar, net so min as wat die man wat darem in redelike gerief wil woon, hom tevrede kan stel met die kleinste en goedkoopste ou huisie, net so weinig kan hy geldelike versorgdheid vir homself en sy gesin verskaf deur te wil klaarkom met sommer net „'n polis”—en te dikwels vir maar 'n deeltjie van die bedrag wat werklik nodig is!

★ Maak SEKER dat daar *werklik* genoeg assuransie vir u gesin se behoeftes of vir u eie oudag sal wees

deur

nog 'n SANLAM-Polis!



SUID-AFRIKAANSE NATIONALE LEWENSASSURANSIE MPY BPK

TAKKE DWARSDEUR DIE UNIE — HOOFKANTOOR: WAALSTRAAT 28, KAAPSTAD

GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

• Darwin het na die SKAKEL tussen mens en aap GESOEK; DIE O.B. het die SKAKEL tussen adverteerder en publiek GEVIND!

• DIE O.B. vind sy weg in dulsende huisgesinne oor die hele land, waar dit met toewyding gelees word.

• Uit klein akkers spruit groot bome . . .

• Uit hierdie klein beleggings spruit groot dwidende.

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Huishoudelike Kennisgewings:

(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 2d. per woord; minimum 4/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Handelsadvertensies:

Enkele plasinge (vooruitbetaalbaar): 3d. per woord, minimum 6/- per plasing. Vir 2 tot 26 agtereenvolgende plasinge: 2½d. per woord, minimum 5/- per plasing. Vir 27 tot 52 agtereenvolgende plasinge: 2d. per woord, minimum 4/- per plasing.

Intekengeld op „Die O.B.“ (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- vir 6 maande. Vooruitbetaalbaar. — Stuur advertensiebestellings en intekengeld na: DIE O.B., Posbus 28, Stellenbosch.

GEBOORTE

MOLLER. — Ons dank die Heer vir 'n welgeskape seuntjie op 24 Augustus. — Frans en Anna Moller (geb. Robertson), New Munster, Wolsley.

DANKBETUIGING

Mnr. en Mevr. A. Smith van Duiwelkop, Kaapstad, wens die Ooswagwag se Blaasorkes en belangstellendes hartlik te bedank vir die pragtige gedagte en die kranselegging op die graf van hul seuntjie, Hennie Smith, op 15 September.

DOODBERIG

MOOLMAN. — Sag heengegaan op 9 September, ons dierbare moeder, Sarah Wilkinson, gebore Dunn, in haar 85ste jaar. Ons wil hiermee die dokter, dominees, familiebetrekkings, vriende en alle belangstellendes vir hulp en simpatie, gedurende haar siekte en afsterwe, bedank.

IN MEMORIAM

23 AUGUSTUS 1941.

In hierdevolte herinnering aan my dierbare eggenoot en vader, Abel Jacobus de Klerk.

Ek dink aan 23 Augustus; 6 jaar is verby en dit is vir my soos die dag van gister toe die onverwagte dood my eggenoot van my weggekeur het.

Alleen op die kruispad, alleen in die smart, Niks anders hier by my as een stuk-kende hart.

Alleen in die storms, alleen sonder maat,

Alleen, nee my Heiland, as almal my verlaat

Is U nog hier by my, gee U vir my raad.

Alleen hewe Heiland, nee nimmer alleen,

Hoor niemand my kerm, hoor u my geweet

my verlangende eggenoot.

— Magaretha de Klerk en Kinders, Gouskoek, Brandvlei.

GRAFSTEEN-WERKE

Grafstene, Monumente en Randmure opperig enige plek in die Unie. Raadpleeg ons vir 'n besonder billike kwotasie.

B.A. GRAFSTEEN-EN MONUMENT-WERKE (EIENS.) BEPERK (Jannie Chille, Besturende Direkteur). VOORTREKKERWEG — MATTLAND. Fone 5-4420 en 5-2823 — Posbus 2.

AGENTSAPPE

Interprovinciale Agentskappe (Edms.) Bpk., Groote Kerkgebou 521, Kaapstad. Telegrafiese adres: „Interpro“. Foon 2-4560. Ons is makelaars en afslaaers en verteenwoordig platelandse besighede van enige aard, sowel as die belange van privaat persone; koop en verkoop vaste en ander eiendomme enige plek in die Unie en hanteer verkope in en inkope van enige aard in die buiteland. 5603/52

EIENDOMME. — G. en B. PROPERTIES (PTY.) LTD. (vooreen P. G. Groenewald), Stasieweg 5, PAROW. Afslaaers, Huis- en Eiendomsagents.

EIENDOM. In verband met verkoop van huise, plase en motors raadpleeg P. v. d. WESTHUIZEN, Oranjestraat 82, KAAPSTAD. Foon 2-0740. 5602TK

EIENDOMME. PARWOOD AGENTSKAP, Voortrekkerweg 74, PAROW. Foon 46, Telefoon 95-9155. Wanneer u 'n plaas, huis of besighheid wil koop of verkoop, raadpleeg ons eers. 5606/8

EIENDOMME. LOTZ EN SEUN, Posbus 40, PAROW. Raadpleeg ons eerste voordat u enige eiendomsaansake nagaan. Deskundiges tot u diens. Telefoon 9-8616. 5604/13

Plattelandse algemene handelaars. Laat ons u tyd en geld bespaar deur u inkope by die groothandel of fabrikanter waar te neem. Ons maak ook plaasprodukte en lewende hawe. Skryf dadelik om besonderhede aan MODERN ENTERPRISES (PTY) LTD, Groote Kerkgebou 527, of Posbus 3971, Kaapstad. Telefoon 3-0662. 18/9/4

ALGEMENE HANDELAARS

COETZER SE WINKEL H/v. Merziman- en Cookstraat, VASCO vir Dames en Babakleries, Kuideniersware, Verf ens. 5609TK

OOSTELIKE WINKELS. — Besoek ons by die nuwe perseel H/v Addeley en Pelistrate, Port Elizabeth. TK5520

BETREKKING GEVRA

Oud-geintendeerde, vooreen 1ste grand serant S.A. Polisie, 12 jaar diens, sedert vrylating B.Com.-kwalifikasie behaal op laaste paar vakke na, soek betrekking met goeie vooruitsigte. Administratiewe of uitvoerende. Bestuursondervinding in motorhandel. Sal vennootskap keeggenoot oorweeg. Skryf aan „O. G.“, Posbus 28, Stellenbosch. 11/9/3

BETREKKING VAKANT

GEKVALIFISEERDE MOTORWERK-TUIGKUNDIGE BENODIG. — Meld ouderdom, getroude of ongetroude, ondervinding en vroegste datum waarop diens te aanvaar kan word. Salaries £8 per week, lewenskoste-toelae ingesluit. Goeie vooruitsigte vir die regte persoon. — BONNIEVALE GARAGE, Posbus 35, BONNIEVALE. 28/8/4B

BEKWAME kok, huishoudster asook bekwame hulp vir huiswerk, 1 Oktober. Meld ondervinding en ouderdom. Skryf vir besonderhede, en sluit getuigskrifte in, aan VAN ZYL, Lochielweg, RONDEBOSCH. 4/9/3

BELANGRIK VIR DAMES

PETRONELLA, Kamer 414, Groote Kerkgebou, Kaapstad. Foon 2-2178. Kom na ons vir deilige jasse, Romax Snyerspakke. Trick tweestuk rokke. Ook troutrabberds word gemaak na mate.

BOME, PLANTE EN SAAD

HERHOLDT se vars ingevoerde Groente en Blomsde het ons aangekom en versakeer hoe en super gehalte resultate. Skryf om Pryslys en bestel u voorrade nou vir hierdie voorjaar! Ekte plat kring Boerpampoen saad spesiaal uitgesoek, ongeewenaard vir mark en huisgebruik, 2/6 per ons, 17/6 per lb. Tom Watson Waatlemoen, 2/6 per ons, 17/6 per lb. Nantes ingevoerde suiker-soet Wortelsaad, 3/- per ons, 25/- per lb. Copenhagen Mark en Enkhuizen Glory Koolsaad vir mark en huistuin, 2/6 per ons, 22/6 per lb. Viroflay Vitamine Spinale, 2/6 per ¼ lb. Mastadon Jumbo reusagtige Amerikaanse gesigtes in verskeidenheid van kleure, 2/6 en 5/- per pakkie. Blackmore en Langdon Super Dolphinioms, 2/6 en 5/- per pakkie. Kontant of deposito moet bestelling vergesel Voeg 2/- by vir pak en posgeld. — HERHOLDT'S, Posbus 660, JOHANNESBURG. 28/8/4

KRISANTE. — September-Oktober plantjies. Pragtige sortering kampeon beker veroweraars, Constantia Aarbel-roof, 7/6; Groote Schuur reusagtige rooskleur, 10/6; Remus bekoorlike reus donkerrooi, silwer agterkant, 2/9; Gladys Payne, die lieflike salm-appelkook snyblom, 2/9 en 80 ander keurige soorte. Ons puike sorteringe hieronder sal u verwagtinge oorskadu, pragtige kleure. — Donou Sortering: 25/- per dosyn, 15/6 vir 6; Opera Sortering, 21/- per dosyn, 12/6 vir 6; Luukse Versameling, 18/6 per dosyn, 10/6 vir 6; Tula Versameling, 15/6 per dosyn, 9/6 vir 6; Barber-ton Daisies, pragtige verskeidenheid van kleure, reus Hybride, 15/6 per dosyn, 8/6 vir 6. Amerikaanse Boonmangellere, in pragtige gesorteerde kleure, 7/6, 10/6, 12/6 en 15/6 per dosyn. Verpak en posvry vir kontant met bestelling. Dahlias, Swardaljelebolle, Saad, ens. — HERHOLDT'S, Posbus 660, JOHANNESBURG. 28/8/5

VARS GESERTIFISEERDE GROENTESAAD. — Detroit Beet 9/-; Chantenay Wortels 12/-; Sulderkruis Blomkool 18/-; Reliance Blomkool 20/-; Kaap Spitzkopkool 10/-; Koel en Broos Komkommer 12/6; Tom Watson en Wonder Waatlemoen 16/-; Blaarslaai 20/-; Skorsies: Hubbard Groen, Lang Wit Bos en Murg van Groente 10/-; Perstop Raapsaad 7/6. Ule: Australiese Bruin 7/6; Kaapse Plat 9/6; Silver King 10/6; Pret 20/-; Tamaties: Marvel 25/-; Marglobe 40/- — K.M.B. van PREMILERS, Posbus 11, Schoemanshoek. 3/7/V

VARS GESERTIFISEERDE GROENTESAAD. — Per ¼ pond, ½ pond en 1 pond: Spanspek 4/-, 6/-, 10/-; Tom Watson- en Wonder-Waatlemoen 4/-, 6/-, 10/-; Tamaties, Beauty en Marglobe, 9/-, 17/-, 32/6. Australiese Bruin Ule, 6/-; Vroeë Kaapse Plat Ule, 7/6. Detroit-Beet 7/6. Plat Egiptiese Beet, teen 7/6 pond. Volledige pryslys van: KAROO-SAADVERSPREIDERS, Posbus 107, Oudtshoorn.

EIENDOMME

TULIBLOK 6,000 MORGE

Weens uitbreiding van besighheid het TERRAFOU HANDELAARS besluit om bogenoemde uitstekende plaas aan Limpopo-rivier te verkoop. Groot verskeidenheid klein- en grootwild. Uitstekende mopanie- en soetgras-weiveld vir groot- en kleinvee. Uitstekende kans. — Vir besonderhede: TERRAFOU, P.K. Bezuidenhoutskraal, Oor Pienarsrivier. 4/9/4B

GEMENG

DRAAI-, PAS- en SWEISWERK en die oprigting en instandhouding van fabriek- en ander masjinerie word onderneem deur GELDENHUIS SE INGENIEURSWERKE, Wynnestraat 13, Parow. Diens gegrond op 30 jaar praktiese ondervinding. Elenaar: D. J. Geldenhuys. Foon 989139.

ELEKTRIS (EDMS.) BPK. — Elek-trisiteits- en Werktuigkundige Ingenieurs, Voortrekkerweg 30, Bellville. Ons doen ankerwikkeling van enige motor of ontwikkelaar. Herstelwerk aan enige elektriese apparaat. Draai-, pas- en sweiswerk. Kom na ons. U werk word snel verrig deur gekwalifiseerde ambagsmanne. Tel. No. 9-7223. 5564-1

ELEKTRIESE WARE. — Vir alle elektriese installasies en benodigdhede raadpleeg J. A. WOLFAARDT, Hoofstraat 410, Paarl. Foon 354.

SKOENREPARASIES. Ondersteun u mede-Afrikaner en wees verseker van die beste diens te VOORTREKKER SKOENHOSPITAAL, Langstraat 281, KAAPSTAD. Foon 30164. 4879/20

VAN'S CONCRETE PRODUCTS. — Trazzo Kombuis- en Handwasbakke, Baddens, Seplege Tenks, Pilare, Vloerteels, Voertroe. Enigiets in beton. — Direkteur: P. W. en P. G. VAN HEERDEN, Potgieterstraat 258, PRETORIA.

U ondersteuning Brandwagte!! Sout te koop: A1 59/-, No. 1 54/-, No. 2 49/- per ton. K.M.B. Ex-Soutwerke. J. H. VENTER, Vaalbank, Pk. Florisbad. 32B

GENEESMIDDELS

ASMA-LYERS. — Herwin volkome gesondheid. Duitse klierstowwe maak vertraagde kliere werksaam en verwyder oorsaak en siekte. — Besonderhede: AFRIKAANSE AGENTE, Carnegie, Plek 4, DURBAN. 7207/4/B

BEHANDELING GRATIS. — Ons is daar so oortuig van dat ons 'n ekte Suid-Afrikaanse geneesmiddel vir Rumatiek, Lendepyn, Heupjig en verwante kwale ontdek het, dat ons 'n gratis proefmonster aan enige lyer sal stuur. — Stuur 1/- vir poegeld end, aan: ANDREWS SE PYNPLEISTERS, Posbus 775, Pretoria.

BLY JONK. — GRYSHAARWONDER. Die nuutste wereldwonder teen grysheld waarborg herstel van gryshare vir goed tot natuurlike kleur. 5/- per bottel posvry. Geld met bestelling. — Skryf: BOEREGENEESMIDDELS, Posbus 4272, JOHANNESBURG.

HORLOSIEMAKERS

DESKUNDIGE HERSTELWERK aan Horloes. Alle werk word gewaarborg en spoedige aflewering. — P. PRETORIUS, Keeromstraat 18, Kaapstad. (Voorheen Kerkstraat 69.) Foon 2-5154.

Vir hortosioreparasies spreek STEYN en SWART, Posbus 3531, KAAPSTAD. Private adres en voorlopige werkswinkel: Joubertstraat 37, VASCO. 5566

HOTELLE

MAJESTIC HOTEL, Ceres (Elenaar J. W. Brummer) Foon 114). Kom geniet 'n heerlike vakansie in 'n rustige landelike omgewing. Uitstekende diens, etes en slaapplek. Steeds tot u diens! 4878/52

KLEREMAKERS

STEYN en SWART, voorlopig h/v. Merrimon en Cookstrate, VASCO. Die kleremakers met 'n reputasie. Hou op vir hul nuwe adres. 5567

Vir 'n goeie pak kiere of kostuum kom na 'n eerste klas snyer F. C. HAGEN, Voortrekkerweg 74, PAROW. 5605/32

MEUBELS

MEUBELS. — Switserse en duursame Tambotie- en Klaat-Meubels, regstreeks van ANDRIES MAREE se Meubelfabriek, teen streng fabriekspysse. — Navrae: ONS BOERE-MEUBELWINKEL, Scholtzstraat 54, Lichtenburg. Telegraaf: „Tambotie.“ Tel. 136.

MEUBELS. — Koop u meubels van UNIKA MEUBELS (EIENS.) BPK. en wees verseker van u waarde en besparing. Geen katalogusse tot beskikking nie. Skryf om besonderhede en meld wat u verlang. Hooftkantoor: Victorlweg 171, Woodstock. Takbesighede: Jan Phillips-gebou, Lady Greystraat, Paarl. Foon 929.

MISSTOWWE

KAROO KRAALMIS MEEL: Beste kwaliteit geleier in dertien goeie tweede-hand sakke per ton. Teen £1/17/6 per ton, of £1/5/- per ton los in trok. 50 x 50 As mengsel teen £2 per ton in elf sakke per ton, geleier in trok. Bestellings vergesel van kontant sal voorkeur geniet. C. P. COETZEE, Voortrekkerstraat, PEARSTON. 5530TK

PATATRANKE

PATATRANKE. — Sesmaande, 7/- vir 80 pond, driemaande 6/6 vir 40 pond, 8/- vir 1,000, sesmaande-, driemaande-, wit- en borliesteggies. K.M.B. Gelewer Serpentine Sylyn. Treverdenheid gelewerborg. — B. H. GERBER, (C. seun), Olfantshoek, P.K. Hoekwiel, GEORGE. 5609TK

PATATRANKE. — Sesmaande patatrankisteggies, 9/- per 1,000. Wit en Borrie 10/- per 1,000. — H. ROELOFFSE, P/s Serpentine, GEORGE. 5598TK

PLUIMVEE

ERA PLUIMVEEPLAAS bied aan vir September en Oktober aflewering: Op-regte B.W.D. — en Thinsvry dag-oud R.I.R. en W.L. Kuikens teen £6 per 100. E. R. ADCCOK, Posbus 1134, Pretoria. 21/8/5B

KUIKENS. — JOHS. J. COETZER, DIE WOLVAS, WINBURG, O.V.S. boek kuikens vir OKTOBER en NOVEMBER-aflewering. R.I.R.E.S. SWART AUSTRALORP en WIT LEHORNS. Kuikens groot en sterk, uitgebroel met Petersme Elektriese Broedmasjiene, gewaarborg vry van B.W.D. en Hoender-tifus. Prys £5-10-0 per 100. 14/8/5B

TE KOOP AANGEBIED

DE LUXE WINDLAAT-TOESTELLE. — Ons bied die „Super de Luxe“ 6 volts model aan teen £10-10-0. 12 volts „Heavy Duty.“ 225 watts, teen £21. 32 volts, 500 watts, £38-10-0. Hidrometers, 5/-; Batterykloue, 2/4 per paar. Posvry. — SLATERS, Northstraat, OOSLONDEN. 4/9/4

VERJAARDAGKETTING

19 SEPTEMBER: Hester le Roux, Stellenbosch; Jacoba van der Westhuizen, Aakamas; Samuel du Piessis, Merweville; Marais Olivier, Sutherland; Elsie Stofberg, Worcester; Anna le Roux, Goudini; Ingrid Schoek, Paarl; Elsie Coetzee, Zestron; Stephanus Walters, Malmesbury; Willem Steyn, Paarl; Nonnie le Roux, Klawnsville; Gernardus Olivier, Wilgenhoutsdriif; Adriaan Olivier, Wilgenhoutsdriif; Liewellyn Sonimann, Paarl; Jacoba Roets, Frankfort.

20 SEPT.: Mervyn Langeveldt, Woodstock; Hennie Malherbe, Franschhoek; Hugo Moller, Ceres; Hennie du Toit, Kouriesburgstasie; Jacobus Botha, Potchefstroom.

21 SEPT.: Elena Gerrieke George; Christina Steenkamp, Agnabries; Norman Vorster, Loxton; Jeannette Gortler, Rondebosch; J. Hademeyer, Oudtshoorn; Willem van Rooyen, Wilgenhoutsdriif; Theodorus Potgieter, Utrecht; Ernest Eliott, Wierikmetus; C. Erasmus, Brits.

22 SEPT.: Maria Barnard, George; Florina Olivier, Lambrechtsdriif; Hugo van Aarde, Malmesbury; Mickael Kutsnoff, Woodstock; Elizabeth Krug, Moorreesburg; Nicolaas smit, Fraserburg; Marina Smit, Fraserburg; Jan Smit, Kleinskietfontein; Dawid Kruger, Maribogo; Naomi Gibson, Margard; Bennie Nel, Koedoeskop.

23 SEPT.: Pieter Wium, Vlootenberg; Japie Verhoef, Beaufort-Wes; Cornelia du Piessis, Noorder-Paarl; Johan de Villiers, Matjiesfontein; W. J. Kruger, Matjiesfontein; Margot du Piessis, Paarl; Marie Rougaard, Fritigro; Helena Byelefeld, Paarl; Helena Nel, Beunienem; Gabriel Kotze, Bloemfontein; Andries van den Heever, Vaalkop; Jan Venter, Lemoentfontein.

24 SEPT.: Marina Swanepoel, Worcester; Willem Duvannage, Van Zyls-rust; Johannes Kruger, Wilgenhoutsdriif; Marina Swanepoel, Beaufort-Wes; Lettie Gagliano, Marenand; Mariaane Roux, S-Paarl; Christa Gilmoe, Pottsdam; Lodewikus Wolmarans, Koedoeskop; Jan Breed, Hoewal; M. Meiring, Brits.

25 SEPT.: Ella Wagener, Ceres; Johanna Franken, Caledon; Cornelia du Bruyn, Karredouw; Anna Kousseu, Pretoria; Jacobus Koch, Observatory; H. Bronner, Maribogo; Hester Visser, Sutherland; Gert Roets, Utrecht; C. Rogers, Middelburg; A. C. Haasbroek, Ganskuil; Petrus du Piessis, Koedoeskop.

FIETS ONDERDELE. — Vrywiel-kamratte 5/-; Terugtrap-buste 25/-; Agterwiel-buste 6/6; Driespoel-buste 37/6; Rubber Handvatsels 1/10 per paar; Rubber Pedale 7/6 per paar; Ketting 4/8; Binnebande (26 x 2) 3/6; (28 x 1½) en enige ander grootte 3/8; Voor en Agter Aste 2/6 elk; Spypennetjies (Cotter Pins) 6d. elk. Elektriese Lampe met Dinamos, 25/- elk. Alles posvry. — SLATERS, Northstraat, OOSLONDEN. 4/9/4

JURKEIE. — Bottelskeie teen 3/9, vierkantige koppe teen 4/6 per paar. Mullingswings 5/6 elk, trekdonkie-wings 5/- elk, draaghout 5/- elk. KOOS BOTHA, P/s Serpentine, Dist. George. 11/9/4.

LAMPKAPPE vir Aladdin 2/8 elk, vir „Coleman“ tafellampe, 6/3 dos., vir „Coleman“ Lanterns 7/3 dos.; vir „Tilley“ lampe 8/3 dos.; vir „Primus Optimus Radius“ (Single tie) 7/3. Posgeld 4d. vir elke dosyn. Ons het alle „Coleman“ parte, insluitende dinamos. — SLATERS, Northstraat, OOSLONDEN. 4/9/4

ROOMAFSKEIER. — 35-gelling Domo Roomafskeier, in eerste klas werkende toestand, £10 kontant. Skryf aan: C. VAN RENSBURG, Peachgrove, Sandvats.

SPANPAALTJES (droppers), leegte en dikte volgens bestelling; enige hoeveelheid. Brandhoud op aanvraag. Gelewer Wolsleystasie. — L. BIELDT, Meulstraat, Wolsley. Foon 24. 48877/52

SPORTBENODIGHEDE: Vir tennis-raket, bal, tafeltennisstelsel, visvang- en ander sportbenodigdhede. Skryf aan BELLVILLE-DIENSTE, VOORTREKKERWEG 121, BELLVILLE. 18/9/4

SPEELGOED: Meccano-stelle, nrs. 1 tot 5; Dinkie-speelgoed; Vliegtuig-modelle en -motors; Opwenspeelgoed, ens. Kom besoek of skryf aan: BELLVILLE-DIENSTE, VOORTREKKERWEG 121, BELLVILLE. 18/9/4

TE KOOP. — Amerikaanse Boonmangellere Vier pragsorte: wit met ligrooi-strepijs, 5/- per dosyn; ligrooi met rooi, 12/6; rooikleurig met rooi, 7/6; bloe-rooi, 20/-; Drie van elk teen 12/- — S. C. STANDER, Bus 20, TZANEEN. 28/8/4B

TULBAGH. — Plaas met 2 woonhuise, 42 morge, 3 myl van Tulbagh. Onoortreflike natuurskoon. £4,200. VAN RIEBEEK TRUST, Posbus 48, Bellville.

WA. — 14 voet wat met ysterpande. In eerste klas toestand. Inspeksie welkom. Prys £35 of naaste aanbod. — H. F. CONRADIE, New Munster, Wolsley. 5295-2

TE KOOP GEVRA

BENE. — Die voorsiening van beem-mel is kort. Alle persone wat toegang tot bene het, word ernstig versoek om dit sonder versum aan ons te stuur. Ons betaal £7 per ton (7/- per 100 pond) vry op spoor u stasie of sylyn. Dit is noodsaaklik dat adviesbriewe gepos moet word as bene gestuur word. Spoedige betaling word verseker. Leë sakke word VRY teruggestuur. Ons voedingsvoorsiening hang af van die voorsiening van beemmel. — S.A. HUNT BEENMEEL- EN KUNSMIS-MAATSKAPPY, Warrenton.

RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisieta-nannemere. Foon 9-8435.

DIE K.A.T.

voor op

Twee Nuwe Eenbedrywe van H. A. Fagan

BO DIE KRANSE

en

OPDRIFSELS

in die

HOFMEYRSAL

Donderdag, Vrydag en Saterdag 26, 27 en 28

September

om 8.15 nm.

Toegang 3/- belastingvry.


Bespreek by Edina, Wandel-gang, Groot Kerk-gebou.

TE KOOP AANGEBIED:

Goudmyn-Stoetery bied aan Op-reggeteelde Irish Hunter en Percheron Merries en Jong Perdjies uit ingevoerde ouers. Ook Fries- en Jerseykoeie, Verse en Bulletjies uit beste bloed-lyne geteel. — A. S. Zeeman, Goudmyn, Robertson. TK5526



BUFFEL word te koop aangebied, £50 of naaste aanbod. Die rede vir verkoping is omdat elenaar deur omstandighede die beste moet verkooop. Mak gewaarborg, en 3 jaar en 10 maande oud. Buffel word opgepas en hanteer deur 9 jaar oud naturel. Volgens proewe is bewys dat kruising tussen 'n Buffel en Bees moontlik is. — P. C. ELOFF Doornhoek, Pos Elgin Hospitaal, oor Louis Trichardt.



JOHAN HEFER

BREED EN BONKIG

• GESONDHEID

• SPIERE

• KRAG

Vul hier in en pos aan:

DIE HEFER-INSTITUUT VIR GESONDHEID EN LIGGAAMS-ONTWIKKELING.	
Pos	

VIR DIE VROUE

Versorg U Huisapteek

Elke gesin, al bestaan dit ook uit mense wat gewoonlik perdfrijs en sonder kwale is, behoort 'n bepaalde plek te hê waar 'n paar eenvoudige geneesmiddels gehou kan word. Hierdie kassie moet van tyd tot tyd deeglik nagesien en skoongemaak word. Met verloop van tyd gaar daar dikwels hope botteltjies medisyne op wat lank gelede vir 'n bepaalde doel gekoop is maar u is nou glad nie meer so seker omtrent die gebruik daarvan nie — gooi tog liewer sulke bottels goed weg as u onseker is van die inhoud.

Hou dit weg van die kinders: Sorg dat elke bottel of ander houder duidelik gemerk is met volledige instruksies vir gebruik. En sorg dat dit buite die bereik van kinders gehou word! Sluit die kassie as dit nodig is en verhoed sodoende 'n lelike ongeluk. Sorg verder vir goeie digte proppe of gebruik glasproppe sodat die middels vars bly. Hou watte en boorsuurlint toegedraai in die gestereliseerde blou papier en pak liewers middels vir inwendige en uitwendige gebruik apart aangesien laasgenoemde gewoonlik baie giftig is.

Wat behoort daar te wees? Waak teen die gewoonte om gedurig nuwe middels, waarvan u hoor, aan te koop en sorg liewer vir 'n paar betroubares wat u die gebruik van ken.

Daar moet 'n middel wees om wonde te ontsmet — gewoonlik word dit verdun met lou water en gebruik om 'n wond te ontsmet voordat dit verbind word. Sorg in ieder geval vir 2—3% Jodium Tinktuur vir uitwendige gebruik en koop dit in klein hoeveelhede sodat dit vars bly want dit verdamp maklik en word dus met veroudering al hoe meer gekonsentreerd — dit geld ook vir vlugsoutoplossing (Sal Volatile), wat ons gebruik om flouheid en duiseligheid te verlig, want dit verslaan baie gou.

Hoofpynmiddels: Aspirin is skadeloos vir meeste mense as dit af en toe geneem word. U moet egter onthou dit verwyder die simptome van die kwaad en nie die oorsaak nie — 'n hoofpyn kan talle van oorsake hê, o.a. swak oë, slegte spysvertering, senuweemoelikeheid. Aspirin opgelos in lou water is uitstekend om te gorrel vir seer keel.

Die bloubottel was vroeër onmisbaar op die medisynenak maar vandag weet ons dat 'n gesonde diëet en oefening die gebruik van lakseermiddels onnodig maak. Pyn op die maag mag ook 'n simptome van blinddermontsteking wees en dan is 'n lakseermiddel net die verkeerde ding om te gee.

Handige Koeksoda: Koeksoda is regtig onmisbaar. Opgelos in warm water alleen of met 'n knippie sout, is dit uitstekend om te gorrel vir seer keel. Maak

'n pappie van koeksoda en water vir brandwonde. Sout en soda is 'n goeie mengsel om tande te borsel, soda alleen neutraliseer sootbrand. Terloops, looisuurjellie, wat u in buisies kan koop, is die beste eerste hulpmiddel vir brandwonde.

Engelse sout is nie alleen 'n lakseermiddel nie, maar as u 'n baie sterk oplossing daarvan maak in water so warm as u dit kan verdra sal dit waarskynlik baie gou infeksie uitrek — baai kort-kort die infekteerde liggaamsdeel daarin.

Hou tafelsout gereed: Sowat 1 teelepel op 'n glas water is goed om te gorrel. Opgelos in lou water kan dit ook gebruik word as 'n ontsmettingsmiddel of braakmiddel.

Om seer oë te baai is 'n oplossing van 1 teelepel boorsuurskristalle op 1 glas water net die regte ding. Daar is min dinge wat mens so ellendig en gedraan maak soos tandpyn. Vir tydelike verligting kan u 'n klein stukkie watte natmaak in naeltjiesolie, dit in die gat druk, bedek met 'n groter stukkie droë watte en vasbyt.

In afgesonderde dele, waar dit nodig is, behoort daar ook slangserum met 'n spuitjie byderhand te wees. Boorsuur- of ander salf kan soms handig wees maar salf word deesdae baie minder gebruik as vroeër. Daar is ook verskeie hoestmiddels op die mark waarvan u een in voorraad kan hou as u verkies maar hulle is gewoonlik meer smerend as genesend.

Kan u 'n termometer gebruik? 'n Styging van liggaamstemperatuur is gewoonlik 'n indikasie van siekte. U behoort 'n goeie termometer byderhand te hê, leer om dit te gebruik dan kan u ook aan 'n dokter vollediger besonderhede in verband met 'n siekte gee.

Verder behoort daar te wees: Watte, wondlint, kleefpleister, verbande van verskillende breedtes, 'n skêr, haakspelde, 'n deeltangetjie en, as u ver

van 'n dokter is, ook 'n paar spalke.

Help die dokter om u te help: Raadpleeg 'n dokter as daar enige abnormale simptome is. 'n Vroeë diagnose en behandeling verbeter u kans vir 'n vinige en volkome herstel geweldig baie — deur staat te maak op u eie diagnose of dié van u buurvrou kan u 'n siekte laat wortel skiet en ontwikkel tot 'n stadium waar dit buite beheer is. Akkurate diagnose is alleen moontlik na 'n deeglike ondersoek deur 'n geneesheer — vertraging en vrees om dit te laat doen is oorsaak van duisende sterfgevälle jaarliks wat verhoed kon gewees het.

Al voel u gesond is dit sterk aan te beveel dat u van tyd tot tyd medies ondersoek word veral omstreeks die middeljare en daarna. As u 'n bril dra laat u oë gereeld toets. Van omtrent 3 jaar ouderdom behoort u tande twee maal per jaar nagesien te word.

Verneem ook by u dokter teen watter siektes u kinders immuniseer kan word en wanneer dit moet geskied.

U moet sorg dat u medisynekassie ten alle tye agtermekaar is en voorsien van die essensiële geneesmiddels sodat u dadelik kan raakvat as dit nodig is. Weet u presies wat u gou sal doen as u dogtertjie na u aangehardloop kom met 'n arm verbrand met kookwater?

Boere Boikot Indiërs

Die Transvaalse Landbouunie wat verlede week in Pretoria vergader het, het die Indiërhandelaars op die platteland daarvan beskuldig dat hulle swartmark bedryf en geëis dat die kwota voorrade waaraan daar 'n tekort ondervind word — soos seep, tee en suiker — van die Indiërhandelaars weggeneem en aan blanke handelaars gegee moet word. Hulle het besluit om die Indiërhandelaars te boikot met die oog op die verbreking van die handelsbetrekkinge tussen die Unie en Indië. Die boikot sal egter nie toegepas kan word omdat daar so 'n tekort aan lewensmiddele bestaan en die blankes verplig is om by die Indiërs te handel. Alle sprekers het hulle ten gunste van die boikot teen die Indiërs uitgespreek. Geen enkele afgevaardigde het hom teen hierdie beleid uitgespreek nie.

GEDAAG TOT TWEEGEVEG: Die Russiese afgevaardigde op die vredeskonferensie, Wisjinski, is deur die president van die Italiaanse-Kubaanse vereniging, genaamd die Giuseppe Garibaldi, uitgedaag tot 'n tweegeveg omdat hy beledigende opmerkings teenoor Italië gemaak het. Die uitdaging bepaal dat die geveg met pistole moet plaasvind en dat hulle moet aanhou skiet totdat een dood is.

WERKVERSKAFFING

AAN

GEÏNTERNEERDES

Sedert die Departement van Arbeid aangekondig het dat hy die verantwoordelikheid vir werkverskaffing aan oud-geïnterneerdes aanvaar, het daar meer as honderd oud-geïnterneerdes, van wie die meeste uit Suidwes, in Kaapstad aansoek gedoen om werk. Aan 84 persone het die Departement werk verskaf, terwyl die aansoeke van sowat 20 persone nog oorweging geniet.

Amptenare van die Arbeidsdepartement het Die O.B. meegedeel dat werk eers aan oud-soldate verskaf word, voordat daar rekening gehou word met die geïnterneerdes. Baie van hierdie persone is in tydelike werk geplaas omdat hulle beger om na Suidwes-Afrika terug te keer. Van hulle wag ook nog 'op die beslissing van die Deportasie - kommissie. Die kwessie van permanente werkverskaffing sal later deur 'n spesiale kommissie oorweeg word.

Verskeie van die oud-geïnterneerdes doen ongeskoolde arbeid terwyl enkele 'n eie besigheid begin het.

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

Volkskas-Aandele
Aankondiging

Die direksie van VOLKSKAS het genoeë om hiermee aan die publiek bekend te maak dat 'n verdere 250,000 gewone £1-aandele in VOLKSKAS vir inskrywing aangebied word.

Die besonderhede is kortliks soos volg:

Huidige kapitaal-posisie:

Gemagtigde kapitaal (verdeel in 1,500,000 gewone aandele van £1 elk)	£1,500,000
Ingeskrewe kapitaal	1,000,000
Gestorte kapitaal	823,379
Kapitaal nou aangebied	250,000
Kapitaal in reserve gehou	250,000

Aandele tans aangebied:

250,000 gewone aandele van £1 elke teen 'n premie van 2/6 (d.w.s. 22/6 per aandeel).

Hoe betaalbaar:

5/- per aandeel plus die premie van 2/6 per aandeel by aansoek; 5/- per aandeel by toekenning en die saldo van 10/- per aandeel in twee paaiemente 3 maande en 6 maande na toekenning. (Aandele kan ook by aansoek vol-opbetaal word deur 22/6 per aandeel te stort).

Opéningsdatum van inskrywingslyste: 16 September 1946.

Voorkeur aan bestaande aandeelhouders:

By eerste toekenning op 19 Oktober 1946 sal die direksie voorkeur gee aan aansoeke van bestaande aandeelhouders. Na 19 Oktober 1946 sal geen verdere voorkeur aan bestaande aandeelhouders gegee word nie.

Sluitingsdatum:

Die direksie hou hom die reg voor om die inskrywingslyste onmiddellik by volskrywing van hierdie uitgifte te sluit, dog nie voor 16 Oktober 1946 nie.

Dividende:

Sedert aanvang van sake deur VOLKSKAS is die volgende dividende op aandele uitgekeer:

1936 — 1940	7½% jaarliks.
Daarna	5% jaarliks.

Prospektus:

Hierdie is nie 'n uitnodiging om op aandele in VOLKSKAS in te skrywe nie maar verstrekk slegs een en ander inligting wat meer vollediglik vervat is in die prospektus wat op die aandele wat aangebied word, betrekking het. Kopieë van die prospektus is tesame met aansoek om aandelevorms verkrygbaar van die Hoofkantoor van die Bank, Posbus 578, Pretoria, of van die takkantore van die Bank op die volgende sentra:

Bellville, Benoni, Bethal, Bethlehem, Bloemfontein, Boksburg, Bonnievale, Border, Brakpan, Brits, Bultfontein, Burgersdorp, Capital Park (Pretoria), Cradock, De Aar, Durban, Ermelo, Ferreira (Johannesburg), Germiston, Heilbron, Johannesburg, Kaapstad, Kimberley, Klerksdorp, Kroonstad, Krugersdorp, Leeuwardensstad, Lichtenburg, Malmesbury, Middelburg (K.P.), Nylstroom, Oos London, Oudtshoorn, Paarl, Pietermaritzburg, Pietersburg, Port Elizabeth, Porterville, Potchefstroom, Potgietersrust, Pretoria, Reitz, Reivilo, Robertson, Rustenburg, Senekal, Somerset Oos, Springs, Vereeniging, Vrededorp (Johannesburg), Vredendal, Wellington, Zastron.

VOLKSKAS BEPERK

Direkteure:

A. J. Bosman, W. Bührmann, J. H. Greijbe, Dr. A. Hertzog, P. J. Hugo, C. C. Kriel, Prof. Dr. J. P. van der Merwe, S. J. Naude, J. E. Reeler, Dr. A. J. Stals.

HOOFKANTOOR:

PRETORIA.



BANKIERS.

Schweizerische Caritaszentrale,
Luzern


Ons wens hiermee bekend te maak dat bogenoemde hulpsorganisasie ons as hoofagente vir die Unie van Suid-Afrika, Suidwes-Afrika, Rhodesië en Mozambique benoem het. Ons sal alle inligting omtrent die versending van geskenkpakkette na alle Europese lande verskaf.

Oorsese Geskenkpakkette

MPY. (EDMS.) BPK.,

27ste Laan 335, Villieria, Pretoria.

K.G. OP VRYBURG



Die perdekommendo wat die Kommandant-generaal by geleentheid van O.B.-dagviering te Vryburg ontmoet het. 'n Buitengewoon groot skare het die verrigtings bygewoon.

„Partystelsel het Gelei Tot Bankrotskap” Salazar Vel Oordeel

Dit is reeds geskiedenis hoe dr. Salazar van Portugal sy land weer op die been gebring het nadat dit onder die parlementêre stelsel in wanorde en bankrotskap verval het. So bankrot was Portugal voor 1927 dat geen land meer geld aan hom wou leen nie. Die een party-bewind het die ander opgevolg teen 'n gemiddelde tempo van drie per jaar en aan vraagstukke van die land kon geen aandag geskenk word nie. Totdat die leër uiteindelik die politieke partye verjaag en die belange van die volk weer geproklameer het bo dié van die partye.

Die resultaat van hierdie afskaffing van die partystelsel was so heilsaam dat die amptelike Katolieke blad in Suid-Afrika kort gelede dit as voorbeeld vir Suid-Afrika voorgedien het.

Wanneer 'n mens die toesprake van dr. Salazar lees, word jy getref deur ooreenkomstige wat dit toon met die beleid van die Ossewabrandwag. In 'n toespraak wat hy in 1930 voor die volksraad gehou het, kom die volgende voor:

„In ons nuwe politieke orde val die hoofnadrak op die onafhanklike voortbestaan van die volk. Hieruit vloei die volgende waarheid, nl. dat die belange van die enkeling of groep van enkelinge ondergeskik is aan die hoogste belange van die hele volk.”

„Vir ons wat in ons volke-eenheid deur partyskap verswak en uitgeput is deur parasitiese gejuke en begunstiging, is hierdie waarheid die verkondiging van die beginsels waaronder ons werk en 'n geloofsbelofte vir ons toekomstige bestemming.”

GESAGLOOS


„Geen staat waarvan die uitvoerende gesag swak is kan as sterk beskou word nie. Die swakheid van die uitvoerende mag is gewoonlik die kenmerk van regeringsvorme wat onder die invloed van liberale individualisme en partye staan, en wat ly onder die misbruik en wanorde van die parlementêre stelsel.”

Die politieke liberalisme van die neentiende eeu het 'n tipe burger voortgebring wat sonder enige kultuurverband ekonomiese betrekkinge en familieband staan, en wat homself die reg toegee om in te meng in die konstitusie van die staat, aldus dr. Salazar. Die ondeelbare huisgesin is die kern van die nasie en is van nature die eerste politieke organisasie in

die staatslewe, het hy verklaar. Dit is op grond van hierdie waarheid dat politieke regte aan die gesinshoof verleen word.

ORDE

„Laat ons die staat met die nodige gesag beklee sodat dit orde tot stand kan bring waarsonder die gemeenskap nie kan



Salazar

bestaan nie. Laat ons hierdie gesag so reël dat dit normaal kan fungeer. Laat ons die staat toelaat om sy werksaamhede uit te brei behalwe in gevalle waar dit die harmonie van die sosiale lewe sal versteur. Ons moet die pligte en regte van die individu en gemeenskap omskrywe en laat ons hierdie ideale op so 'n manier handhaaf dat die staat nie onverskillig staan teenoor ons regte nie, en die burger nie sy pligte sal versak nie. Dit is vryheid”

„Laat ons die mag uit die hande van persone neem wat op politieke partye vir eie belang teer. Laat ons bo eie-belang die belang van die gemeenskap stel.

„Ons moet die staat beveilig teen die aanvalle van roekelose minderhede. Ons moet organiseer en uiting gee aan die volk

BOERE SLUIT HUL GELEDERE

'n Besluit om 'n verenigde landboufront in Suid-Afrika te skep en die Suid-Afrikaanse Landbou-unie te erken as die amptelike mondstuk van die landbou is geneem op die eerste konferensie van kooperatiewe verenigings wat in Bloemfontein gehou is. Dit sal aanleiding gee tot die konsolidering van die landbou in die Unie deur middel van die ontwikkeling van die kooperatiewe stelsel as 'n integrerende deel van die Landbou-unie. Deur onderlinge aaneenskakeling sal die landbou een groot geheel uitmaak, en later maklik inskakel by 'n stelsel van beroepsverteenwoordiging.

se gemeenskaplike bestaan, — die huisgesin, die openbare liggame, die ekonomiese liggame; en laat ons dit alles saamvat waarvan die staat 'n lewende openbaring sal wees. Dit dien om ons nasionale gesag tot uiting te bring.”

VOLKSBEWEGING

Hy het die volk gewaarsku om nie hul nasionale strewes prys te gee nie. Die Nasionale Unie (die volksbeweging van Portugal) mag nie aangetas word deur partyskap nie. Dit sal misdadig en belaglik wees om 'n nuwe party te skep waarvan die doel moet wees om partyskap te beveg.

'n Paar dae nadat Salazar die bewind in 1932 aanvaar het, het hy voor die State-Generaal verklaar:

„Die gesagstaal het ontstaan as gevolg van die wanorde wat in die land bestaan het en waarvoor die partye en parlementêre stelsel verantwoordelik is. Ons verkryging van demokratiese status was 'n jammerlike episode. Die fout het geleë by die parlementêre stelsel, of by die ondersteuning daarvan; in elk geval as ons laasgenoemde wil ontsien, dan sal ons nog groter verantwoordelikheid daarvoor op die stelsel self moet laai; hoe dit sy, almal wat hygedra het tot die behoud van hierdie stelsel moet die skuld daarvoor kry.

„Die aanklag teen die parlementêre demokrasie is egter definitief uitgemaak, en terwyl sommige mense dink dat dit net 'n verbygaande fase is wat veroorsaak word deur tydelike probleme, weet al die ander dat dit klaarpraat daarmee is.”

„Die O.B.” word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 702, Kerkplein, Kaapstad.

Ontwapening Duur Voort van Nasionale Volk?

Hoewel die regulasie wat beperkings lê op die aankoop en vervoer van pistole en .22 gewere opgehef is, is daar geen verandering ten opsigte van die vervoer en aankoop van ander vuurwapens nie. So ver vasgestel kan word is die regering nie van voorneme om sy beleid dat vuurwapens alleen aan „betroubare persone” uitgereik mag word, te wysig nie.

By die uitreik van lisensies word nog steeds navraag gedoen na die politieke oortuiging van die applikant.

Die behoefte aan vuurwapens is baie groot.

Wapenhandelaars in Kaapstad ondervind tans so 'n groot navraag vanaf die platteland om wapens dat sekere firmas verplig was om nuwe lede op die personeel aan te stel wat slegs vir die beantwoording van die korrespondensie in hierdie verband verantwoordelik is. Weens die beperkte voorraad wapens, is daar baie min aansoeke waaraan voldoen kan word. Een firma het aan 'n verteenwoordiger van Die O.B. verklaar dat hulle sowat 400 briewe per week ontvang. Ons

segsman is van mening dat hulle meer as £10,000 gedurende die oorlog skade gely het as gevolg van die wapenbeperkings. Om hulle verlies aan te vul, het hulle in juweliersware begin handel.

Gedurende die afgelope maande het een firma bestellings vir 500 gewere van klein kaliber geplaas. Hiervan het hulle slegs 25 ontvang. Die gewere was reeds verkoop, lank voordat hulle hier aangekom het.

Sedert 1941 het wapenhandelaars geen bokhael ontvang nie. Tot dusver het hulle geen 303 gewere ontvang nie. Daar is slegs 'n baie beperkte voorraad pistole en rewolwers.

Permitte vir Luukse Hotelle Toegestaan Losies £100 Per Maand

Onderwyl oud-soldate en ander lede van die publiek dakloos rondswerf omdat hulle nie boupermitte kan bekom vir die huise wat die regering hulle belowe het nie, word verlof om te bou aan sekere hotelle in Kaapstad, waar die tariewe meer as £100 per maand beloop, gegee, sodat daar genoeg woonruimte vir die sir's en lords van elders sal wees wanneer die Britse koning aanstaande jaar hier op besoek is.


Dit blyk dat terwyl verlof om te bou aan die burgery geweier word, verlof toegestaan word aan 'n plek waar alleen semi-miljoenêrs dit kan bekostig om te woon. Die bouplanne vir hierdie besondere hotel maak voorsiening vir aansienlike uitbreiding. Daar word binnekort 'n begin met die bouery gemaak, sodat dit nog voor die koms van die Britse koning gereed sal wees om die lords en die ladies te kan huisves.

Die tariewe by hierdie plek is 67/6 per dag, meer as £100 per maand — 'n tarief wat geen gewone persoon kan bekostig

nie. Intussen moet die man met 'n gemiddelde inkomste die offer vir die Britse sentiment bring en tevrede wees om in een kamertjie met sy gesin te woon of om van maand tot maand van die een plek na die ander te swerf.

Ons Gee nog Steeds LEIDING
S.A. GRAFSTEEN- EN
MONUMENTWERKE
(Eiens.) BPK.

Voortrekkerweg - MAITLAND



GEKLEUR VIR

NUWE DIENS

KLEURSPESIALITEITE

PAARL STOOMWASSERY

Posbus 35

Foon 214

DIF PAARL

HUGENOOTSTASIE

(Goedere Halftarief)

★ WAS
★ KLEUR
★ DROOG-
SKOONMAAK